In a survey by the Reserve Bank on operations in the South African foreign exchange market it was determined that the average daily net turnover in transactions where rand is involved amounted to \$3,1 billion in 1989, or to an estimated ½ per cent of net global exchange turnover. Spot transactions accounted for about 69 per cent of this turnover, but because these transactions were defined in a wide sense to include the spot leg of swaps and maturing forwards, this ratio is small in comparison with other smaller foreign exchange markets. The relatively larger volume of forward transactions in the South African market is probably related to the debt standstill combined with the general view in the late 1980s that the rand had a strong downward potential, which led to increased forward covering of foreign debt. Not only is the South African market relatively small, but it is also highly concentrated in the sense that a few dealers were responsible for the bulk of the transactions.

The average annual growth rate of 23½ per cent in net foreign exchange turnover from the first seven months of 1987 to the first seven months of 1990 compares fairly favourably with other foreign exchange markets where the volume of international banking business is relatively small. The growth rate of the turnover on South Africa's foreign exchange market was also six times higher than the expansion in the country's foreign trade transactions, indicating that financial transactions in the market increased at a rapid rate. This performance of the South African market is quite remarkable, because it was achieved in a highly regulated environment, with hardly any significant increase in international banking business and with restrictions placed on capital flows to South Africa by many other countries.

Although the monthly distribution of foreign exchange market turnover had a fairly erratic pattern over the survey period, fluctuations corresponded closely with the extent of uncertainty and instability of the exchange rate of the rand. Moreover, spot transactions were considerably more stable than the turnover in forward transactions. Unfortunately the survey period is as yet too short to determine any definite seasonal pattern. Nevertheless, the available information indicates that the turnover on the foreign exchange market is normally relatively high in the last month and relatively low in the first month of each quarter. In particular, the June turnover figures were always well above the trend line of the monthly turnover in all the relevant years.

Interbank foreign exchange business was found to be comparatively low in South Africa as against the global average. This was largely due to the fact that third-currency dealings are not included in the Reserve Bank's survey, and to the highly regulated domestic market and the country's exceptional position in the international financial community. The Reserve Bank's

survey, which is restricted to rand dealings against six main currencies, indicates that these transactions occur mainly in the form of interbank business and between authorised dealers and domestic customers.

Another important feature of the participants in the South African market is the large and active role of the Reserve Bank. In the period from the beginning of 1987 to the end of July 1990 the gross turnover of the Reserve Bank averaged approximately 12½ per cent of total gross turnover. For a large part of this period the Reserve Bank was actively involved in balancing the spot and forward market, it maintained its role as "market-maker" in the forward market and continued to intervene regularly in the market to smooth out unduly large short-term fluctuations in the exchange rate.

In accordance with most other markets, foreign exchange brokers also perform an important function in the South African market because of their intimate knowledge of and other links with international markets. In addition, they make unobtrusive intervention by the Reserve Bank possible.

The United States dollar is by far the most important currency in dealings against the rand and represented nearly 85 per cent of such transactions in July 1990. In the past three years the share of German mark transactions in total net turnover more than tripled to slightly above 8 per cent in July 1990. The British pound, Swiss franc and Japanese yen are the other important currencies in foreign exchange dealings against the rand.

The greater part of South Africa's foreign reserves is held in the form of gold reserves, but the gold component has been reduced drastically from about 65 per cent of total foreign reserves at the end of 1986 to 48 per cent on 31 July 1990. An opposite increase was recorded in the relative share of foreign exchange holdings, which are held predominantly in dollar-denominated assets. The level of the gold and other foreign reserves at the end of July 1990 was precariously low at only five weeks' imports of goods and services.

Kwartaallikse ekonomiese oorsig

Inleiding

Die totale reële bruto binnelandse produk van die Suid-Afrikaanse ekonomie het in die tweede kwartaal van 1990 vir die derde opeenvolgende kwartaal gedaal, waardeur die resessie-aard van die huidige ekonomiese toestand bevestig is. Hierbenewens was die ligte verdere inkrimping van die totale reële produksie in die tweede kwartaal van 1990 – anders as wat met die dalings in die reële produksie in die vorige twee kwartale die geval was – nie langer *hoofsaaklik* beperk tot afwaartse aanpassings van die reële toegevoegde waarde in die landbou, die mynbou of die gesamentlike primêre sektore nie. In plaas daarvan is daar gedurende hierdie kwartaal, met uitsondering van die landbou en die algemene owerheid, in alle vernaamste sektore en sub-sektore afnames in die reële produksie aangeteken.

Die *tempo* van die daling in die totale reële produksie was in die tweede kwartaal van 1990, teen 'n jaarkoers van net effens minder as 1 persent, egter weer eens ietwat laer as in die vorige kwartaal. Die seisoensaangesuiwerde jaarkoers van die inkrimping in die reële bruto binnelandse produk was gevvolglik in die vyf kwartale van die huidige afgang tot die middel van 1990 effens minder, en in die jaar tot die middel van 1990 maar net effens hoër, as $\frac{1}{2}$ persent. Terselfdertyd het die totale reële bruto binnelandse *besteding*, wat in die drie kwartale tot die eerste kwartaal van 1989 reeds teen 'n jaarkoers van ongeveer $1\frac{1}{2}$ persent afgeneem het, in die daaropvolgende vyf kwartale tot die middel van 1990 slegs matig vinniger (naamlik teen 'n jaarkoers van omstreeks $2\frac{1}{2}$ persent) ingekrimp. Verder wil dit voorkom asof die reële bruto binnelandse besteding in die eerste kwartaal van 1990 reeds weer 'n steigeriger vastrapplek gevind het, en in die tweede kwartaal van die jaar het dit – hoofsaaklik danksy 'n verminderde koers van disinvestering in die voorrade – in werklikheid selfs 'n klein herstel getoon.

Bewyse van die voortgesette ligtheid van die huidige konjunktuurafgang tot die middel van 1990 is ook voorsien deur die verloop van die aangetekende werkverskaffing (wat per saldo gedurende die eerste vier kwartale van die afgang gestyg het); die betreklik matige styging in die totale geregistreerde werkloosheid (wat minder ernstig was as die mate waarin die werkloosheid oor vergelykbare periodes in elk van die vorige drie konjunktuurafgange vererger het); die voortgesette lae vlak van die geregistreerde werkloosheid onder die Blanke, Kleurling- en Asiérbevolkingsgroepe; die betreklike stewigheid van die reële groot- en kleinhandelsomset, en die feit dat die afset van nuwe motorvoertuie vergelykenderwys goed op peil gehou is; die afwesigheid van 'n duidelik opwaartse

neiging in insolvensies en maatskappylikwidasies sedert die laaste deel van 1988; en die baie beperkte mate waarin die "agterstallige bedrae" op die leningsrekening van die debiteure van bankinstellings gestyg het. Die saamgestelde samevallende konjunktuurawysers het dwarsdeur 1989 in wese sywaarts verloop en eers in Februarie-Maart 1990 op meer ondubbel-sinnige wyse afwaarts beweeg.

Die vergelykenderwys goedaardige karakter wat die huidige konjunktuurverlangsing altans tot die middel van 1990 aan die dag gelê het, vra om 'n ondersoek na die redes wat hierdie goedaardigheid kan verklaar. Soos op verskeie plekke in die Reserwebank se onlangs gepubliseerde *Jaarlikse Ekonomiese Verslag* vir 1990 en in die Presidentsrede by die Bank se Algemene Jaarvergadering op 28 Augustus 1990 te kenne gegee is, is die totale reële ekonomiese bedrywigheid in die afgang van 1989-90 tot dusver op peil gehou deur die voortgesette merkwaardige sterkte wat die Suid-Afrikaanse goedere-uitvoer veral in die eerste helfte van 1989 en weer in die eerste kwartaal van 1990 getoon het; deur die betreklik hoë gemiddelde vlak van die reële owerheidsverbruiksbesteding; deur die betreklike stewigheid van die totale reële private verbruiksbesteding en die feit dat hierdie besteding altans tot dusver nog geen absolute daling getoon het nie; deur die matige omvang van die daling in die reële bruto binnelandse vaste investering; en deur die afwaartse neiging op lang termyn in die reële voorrade en die dienooreenkomsdig verminderde konjunktuurgevoeligheid van hierdie voorrade. Hierbenewens het die owerhede se geleidelik meer beperkende beleids-optrede vanaf die heel laaste deel van 1987 of die begin van 1988 nie die voorkoms gehad van noodmaatreëls wat aan 'n ekonomie in 'n maklik verkrummelende, oorspanne sowel as oorverhitte konjunktuurtoestand opgelê moes word nie; die gemoedstoestand van die sakewêrelde en die verbruiker het in die middel van 1990 meer geneig na onsekerheid, versigtigheid en 'n houding van "kyk wat gaan gebeur" as na neer slagtingheid en vrees.

'n Nadere ontleding van die ontwikkelingsgang van die ekonomie gedurende die huidige afwaartse fase toon egter ook 'n skynbaar verhoogde belangrikheid van *strukturele*, teenoor dié van *konjunkturele*, determinante van verskeie aspekte van daardie ontwikkelingsgang. Sekere strukturele elemente help in werklikheid om te verklaar waarom die ekonomie gedurende die huidige afgang skynbaar so betreklik stewig gebly het; vanuit 'n langtermyn-oogpunt beskou, kan hierdie of verwante strukturele elemente hulle egter ook voordoen as belemmerings van die ekonomiese groei en ontwikkeling op langer termyn. Soos ook in die Bank se *Jaarlikse Ekonomiese Verslag* opgemerk

is, het die aandag van die owerhede oor die afgelope paar jaar in toenemende mate verskuif na probleme van 'n langertermyn-aard en na strukturele tekortkomings van die Suid-Afrikaanse ekonomie, en na die formulering van langertermynbeleidsmaatreëls en -strategieë wat ten doel het om hierdie tekortkomings die hoof te bied:

In die eerste plek kan die *inflasie* in die ekonomie in die middel van 1990 nie beskou word as 'n gevolg van konjunktureel oormatige effektiewe vraag of van 'n eensinking van die wisselkoers onder die druk van oormatige vraag nie. In plaas daarvan het 'n "kern"-element in die Suid-Afrikaanse inflasiekoste momenteel sy oorsprong in die grotendeels self-instandhoudende wisselwerking tussen inflasieverwagtings, opwaartse aanpassings van die lone en pryse, en die stygende reële effektiewe koste van arbeid in die huidige arbeidstoestand, wat tans in ongewone mate onrustig en oproerig is.

In die tweede plek het die *geregistreerde werkloosheid*, nadat dit in 1985 op 'n deurgaans hoër nuwe vlak te staan gekom het, betreklik min op sowel die konjunkturele opgang van 1986-89 as op die konjunkturele afgang vanaf vroeg in 1989 tot dusver gereageer. Die hardnekkigheid van die werkloosheid gedurende die opwaartse fase van die konjunkturgolf in 1986-89 (en die onderliggende opwaartse neiging van die werkloosheid op lang termyn wat daardeur geïmpliseer word) het in belangrike mate verband gehou met die lae uitbreidingskoers wat die reële vastekapitaalvoorraad selfs gedurende daardie oplewing aan die dag gelê het, met die beperkte werkgeleenheidskeppende vermoëns van die kapitaalvoorraad en van toevoegings tot die kapitaalvoorraad, en met die stygende reële effektiewe koste van die verskaffing van werkgeleenhede. In die meer onlangse verlede is die reële vaste investering deur sowel nie-konjunkturele as konjunkturele faktore teruggehou; die matige styging in die werkverskaffing en die afwesigheid van 'n meer opmerklike styging in die geregistreerde werkloosheid wat in weerwil van die huidige konjunkturafgang tot dusver aangeteken is, was gevoldigd weerspieëlings van die feit dat verhoogde hoeveelhede van (sedert onlangs) minder produktiewe arbeid aangewend moes word om 'n slegs matig laer vlak van die totale reële produksie met behulp van 'n (sedert onlangs) bykans stagnante totale reële vastekapitaalvoorraad te produseer.

Ten derde het verbeterings in die *arbeidsproduktiwiteit* buite die landbou in die loop van 1989 verlangsaa en in die eerste twee kwartale van 1990 na produktiwiteitsafnames omgeslaan. Terwyl 'n verslapping van die gemete arbeidsproduktiwiteit (of altans van die groei in die produktiwiteit) in vroeë afgangsperiodes 'n taamlik algemene konjunktuurverskynsel is, is die produktiwiteit in 1989 en in 1990 tot dusver ook ongunstig deur stakings, absentisme, die intimidasie van werkers en arbeidsonrus beïnvloed. Die verhoogde

voorkoms van die betrokke soort voorvalle kon slegs op losserige wyse aan die heersende konjunktuurtoestand gekoppel word, maar het meer ooglopend verband gehou met die aggressiwigteit van die nuwe vakbondbeweging en met onlangse maatskaplik-politieke ontwikkelings. Oor 'n breër tydshorison beskou was die gemiddelde arbeidsproduktiwiteit buite die landbou in 1990 hoogstens slegs ongeveer 1½-2 persent hoër as in 1980, ondanks die feit dat 'n belangrike verdieping van die hoeveelheid kapitaal per werker (naamlik 'n toename van 19 persent in die verhouding van kapitaal tot arbeid vanaf 1979 tot 1986) in die eerste helfte van die tagtigerjare plaasgevind het.

Ten vierde kon onlangse afnames in die *binnelandse-besparingsverhouding* gedeeltelik ook op grond van sekere konjunktuurverskynsels verklaar word (waaronder byvoorbeeld die minder indrukwekkende finansiële resultate van maatskappye sedert die middel van 1989, 'n konjunkturele verskuiwing van reële faktorinkome vanaf die bruto bedryfsurplus na arbeidsvergoeding, en die "sperrat-effek" – of "gewoonteverankering" – waardeur die reële private verbruiksbesteding in die geval van konjunkturele dalings in die reële persoonlike beskikbare inkome per kop van die bevolking beïnvloed word). Die geleidelike daling in die binnelandse-besparingsverhouding op langer termyn kan egter ook teruggevoer word na sekere struktuurveranderings, waarvan 'n strukturele herverdeling van die reële beskikbare inkome ten gunste van laer-inkome-ontvangers byna seker 'n deel uitmaak. Die stevigheid van die reële private verbruiksbesteding was 'n faktor wat in die afgang van 1989-90 tot dusver 'n vloer geplaas het onder die daling in die reële totale binnelandse vraag en die reële ekonomiese bedrywigheid. Binne die raamwerk van gebeure op langer termyn is die stygende verbruiksgeneigdheid van die Suid-Afrikaanse samelewning egter 'n faktor wat groei en ontwikkeling belemmer.

Ten vyfde is die beperkte konjunktureel afwaartse reaksie van die reële bruto binnelandse investering en die reële private duursame verbruiksbesteding in die afgang van 1989-90 tot dusver – wat, soos die reële private verbruiksbesteding in die algemeen, gedien het om die totale reële binnelandse vraag op peil te hou – gedeeltelik 'n weerspieëeling van die betreklik beskeie hoogtes tot waar die betrokke soorte bestedings gedurende die voorafgaande oplewing onder die invloed van nie-konjunkturele faktore gestyg het. Die verminderde konjunkturele responsiwiteit wat die totale reële bruto binnelandse vaste investering gedurende die afwaartse fase tot dusver aan die dag gelê het, kan gedeeltelik teruggevoer word na die toenemende relatiewe belangrikheid van die aandeel van vergelykenaderwys onuitstelbare kapitaalbestedings vir vervanging, instandhouding en herstelwerk binne die totaal van die reële investeringsbesteding.

Op die kerngebiede wat vir die monetêre beleid van belang is – dit wil sê wat betref die inflasie, die toestand

ten aansien van die betalingsbalans, die buitelandse reserwes en die wisselkoers, en die groeikoerse van bankkrediet en die geldvoorraad – is daar in die tweede kwartaal en in Julie-Augustus 1990 oor die algemeen bemoedigende vordering aangeteken. Beduidende verdere verlangsamings is te boek gestel van die koerse van stygging in die pryse van ingevoerde goedere van kwartaal tot kwartaal en oor twaalf maande en in die produksieprysindeks oor twaalf maande. Die stygging in die produksieprysindeks van kwartaal tot kwartaal het egter van die eerste tot die tweede kwartaal van 1990 weer versnel, terwyl daar met die verlaging van die koerse van inflasie in die verbruikerspryse vergelykenderwys min verdere vooruitgang gemaak is. Die regstreekse en onregstreekse uitwerking van 'n duursame stygging van, sê, 40 persent in die wêreldprys van ruolie (tot by 'n gemiddelde van ongeveer \$25 per vat) sou die Suid-Afrikaanse verbruikerspryspeil uiteindelik met ongeveer 1 persent kon verhoog; die wesenlik eenmalige aard van die olieprys-stygging behoort egter beklemtoon te word.

Op die *betalingsbalansfront* was 'n beduidende daling in die reële goedere-uitvoer en 'n effense verdere stygging in die goedere-invoer die belangrikste faktore wat meegebring het dat die oorskot op die lopende rekening, seisoensaangesuiwerd en teen 'n jaarkoers, van R5,6 miljard in die eerste kwartaal van 1990 tot R3,6 miljard in die tweede kwartaal ingekrimp het. Tesame met hernieuwe en baie aansienlike uitvloeiings van kapitaal (wat, gedeeltelik uit hoofde van die stilstandreëlings, deur terugbetalingsverpligtings ten opsigte van langtermynskuld oorheers is), het dit weer meegebring dat die Suid-Afrikaanse totale bruto sowel as netto buitelandse reserwes in die tweede kwartaal van 1990 met R1,4 miljard afgeneem het. Belangrike nuwe verstewigings van sowel die bruto as die netto buitelandse reserwes van die Reserwebank is egter in Julie-Augustus aangeteken. Vanaf April 1990 het die wisselkoers van die rand 'n hoë mate van stabilitet getoon.

Betekenisvolle verdere verlangsamings het in die tweede kwartaal en in Julie 1990 in die uitbreidingskoerse van die monetêre instellings se *kredietverlening aan die private sektor* en van die *M3-geldvoorraad* voorgekom. M3 was aan die einde van Junie en Julie 1990 weer terug binne die "kegel" wat deur die "riglyn"-grense aan die monetêre uitbreiding in 1990 uitgestippel word; die groeikoers van M3 oor periodes van twaalf maande het aan die einde van Mei, Junie en Julie 1990 vir die eerste maal ná 'n lang tussenpoos van 26 maande weer tot onder die vlak van 20 persent gedaal.

Op basis van sy oorsig van die heersende monetêre en ekonomiese toestand en van die Reserwebank se beleidsoogmerke, het die President van die Bank in sy Presidentsrede voor die Bank se aandeelhouers op 28 Augustus 1990 tot die slotsom gekom dat, ofskoon die tyd vir 'n verslapping van die monetêre beleid besig

was om nader te kom, die regte oomblik vir so 'n verandering nog nie ten volle bereik is nie. Die Bank sou egter nie aarsel om sy beleid te verslap sodra so 'n verandering geregtig kon word nie.

Die *kapitaalmarkte* was in die tweede kwartaal en in Julie-Augustus 1990 getuie van skerp dalings in die handelsbedrywigheid vanaf die buitengewone hoogtepunte wat hierdie bedrywigheid in die eerste kwartaal bereik het, 'n volgehoue meer weifelende gemoedsstoestand op die aandelemark, en 'n mate van verdere verswakkning van die aandelepryse. Op die *primêre markte* het die bedrae van die nuwe effekte-uitgiftes egter beduidend toegeneem vanaf die vlakte waarop dit in die eerste kwartaal te staan gekom het.

Persentasietoenames in die *skatkisuitreikings* wat die begrote persentasietoename in die besteding van die Sentrale Regering gedurende die fiskale jaar 1990/91 in sy geheel heelwat oorskry het, is gedurende die eerste vyf maande van die huidige fiskale jaar (April-Augustus 1990) in hierdie uitgiftes aangeteken – wanneer die oordrag van R2,0 miljard aan die Onafhanklike Ontwikkelingstrust (OOT) in Julie 1990 daarby ingesluit word sowel as wanneer dit nie daarby ingesluit word nie. Die persentasietoename in die *skatkisontvangste* was gedurende hierdie vyf maande, in weerwil van krimpende ontvangste aan inkomstebelasting uit die goudmynbedryf, egter ook duidelik hoër as die Begrotingsramings. Selfs indien die oordrag aan die OOT nie by die skatkisuitreikings ingesluit word nie, het die skatkistekort voor lenings gedurende die betrokke vyf maande nietemin nog 'n ongewoon hoë persentasie beloop van die tekort wat in die Begroting van Maart 1990 vir die fiskale jaar 1990/91 in sy geheel in die vooruitsig gestel is.

Binnelandse ekonomiese ontwikkelings

Binnelandse produksie

Die totale reële bruto binnelandse produksie het in die vierde kwartaal van 1989 sowel as die eerste kwartaal van 1990 teen seisoensaangesuiwerde jaarkoerse van ongeveer $1\frac{1}{2}$ persent afgeneem. Daarna het dit in die tweede kwartaal van 1990 verder ingekrimp teen 'n jaarkoers wat voorlopig op ietwat minder as 1 persent beraam word.

Die tempering van die koers van afname in die totale reële bruto binnelandse produk in die tweede kwartaal van 1990 kon toegeskryf word aan 'n toename in die reële toegevoegde waarde in die landbou en aan 'n verlangsaming van die koers waarteen die reële toegevoegde waarde in die mynbousektor afgeneem het. Negatiewe groei in die reële bruto binnelandse produk in die vierde kwartaal van 1989 en in die eerste kwartaal van 1990 was hoofsaaklik die gevolg van afwaarts aanpassings van die reële produksie in die landbou en in sowel die landbou as die mynbou onderskeidelik. Soos ook in die Reserwebank se onlangs gepubliseerde *Jaarlikse Ekonomiese Verslag vir 1990* opgemerk is, was die matige afname in die totale reële bruto binnelandse produksie gedurende die vyf kwartale van

die huidige konjunktuurafgang tot die middel van 1990 – gedeeltelik vanweë die verloop van sake in die twee primêre sektore in die tweede kwartaal van 1990 – per saldo egter geheel en al die gevolg van 'n afname in die reële toegevoegde waarde in die sekondêre nywerhede.


Die gemiddelde jaarkoers van afname in die totale reële bruto binnelandse produk het in die vyf kwartale van die huidige konjunktuurafgang tot die middel van 1990 effens minder, en in die vier kwartale tot die middel van 1990 effens meer, as $\frac{1}{2}$ persent beloop. In vergelyking hiermee het die gemiddelde jaarkoers van afname in die reële toegevoegde waarde van die nie-landbousektore, die nie-primêre sektore, en die sekondêre sektore alleen, in die vier kwartale tot die tweede kwartaal van 1990 onderskeidelik bykans 2 persent, ongeveer 1 persent en ietwat meer as 3 persent bedra.

Die hernieuide verslapping van die reële ekonomiese bedrywigheid in die sekondêre sektore van die ekonomie in die tweede kwartaal van 1990 was in werklikheid 'n deel van die meer algemene en meer wydverspreide aard wat die konjunkturele verlangsaming van die ekonomie in die tweede kwartaal van 1990 in vergelyking met vorige kwartale aan die dag gelê het. Met uitsondering van die landbou en die algemene owerheid, is negatiewe groei in die reële toegevoegde waarde gedurende hierdie kwartaal in al die hoofsektore van die ekonomie aangeteken.

Die reële toegevoegde waarde van die primêre sektore het in die tweede kwartaal van 1990 teen 'n jaarkoers van $2\frac{1}{2}$ persent gestyg. Hierdie toename in die produksie het egter neergekom op 'n matige herstel vanaf 'n betreklik laevlak, nadat die produksie in die vorige twee kwartale teen 'n gemiddelde jaarkoers van ongeveer 11 persent gedaal het. Die verlangsaming van die inkrimping in die reële produksie van die mynbousektor kon hoofsaaklik toegeskryf word aan die min of meer sywaartse verloop van die fisiese omvang van die produksie van die steenkool- en diamantmyne, wat die uitwerking van die meer aanmerklike afnames in die reële produksie van die goudmyne en van "ander mynbou"-bedrywe versag het. Die afname in die fisiese goudproduksie in die tweede kwartaal van 1990 (wat in werklikheid heelwat kleiner was as in die voorafgaande drie maande) was weer eens gedeeltelik 'n weer-spieëling van die laer gemiddelde goudgehalte van die vergruisde erts. Hierbenewens het 'n ongewoon hoë voorkoms van intimidasie van werkers en arbeidsonrus waarskynlik egter ook bygedra tot die afname in die omvang van die ertsvergruising wat ook in hierdie kwartaal waargeneem is.

In die sekondêre sektor is daar van die eerste na die tweede kwartaal van 1990 in al drie die hoof-onderafdelings van hierdie sektor – naamlik die fabriekswese, die konstruksiebedryf en elektrisiteit, gas en water – inkrimping van die reële produksie aangeteken teen seisoensaangesuiwerde jaarkoerse van onderskeide-

Reële bruto binnelandse produk



lik 3 persent, 2½ persent en 1½ persent. Die afname in die reële toegevoegde waarde van die sub-sektore elektrisiteit, gas en water en konstruksie was 'n belangstellingverskynsel van die meer algemene verslapping van die ekonomiese bedrywigheid. In die fabriekswese is afnames in die fisiese omvang van die produksie aangeteken in nywerhede soos die klerebedryf, die chemiese industrie, die nie-ysterhoudende-metaalbedryf en die basiese-metaalnywerheid. Die minder indrukwekkende produksieprestasies in hierdie nywerhede was gedeeltelik 'n weerspieëling van die verslappende neiging in die reële binnelandse finale vraag en van die vermindering van voorrade in reaksie op die vorige en die huidige ingesteldheid van die amptelike beleid en ander faktore wat 'n vraag-ontmoedigende uitwerking gehad het. Eweneens wat die vraakkant van die ekonomie betref, was die afname in die produksie in hierdie nywerhede tot op 'n sekere hoogte 'n weerspieëling van die inkrimping van die "netto buitelandse saldo" (dit wil sê die verskil tussen die uitvoer van goedere en nie-faktordienste en die invoer van goedere en nie-faktordienste), wat van die eerste na die tweede kwartaal van 1990 'n jaarkoers van R1,1 miljard bereik het. Van die aanbokant af is die produksiebedrywigheid in die tweede kwartaal van 1990 nog steeds gestrem deur die betreklik hoë peil van stakings, buitesluitings, wegblly-aksies en versteurende arbeidsbetrekkinge, en deur 'n voortgesette hoë voorkoms van burgerlike onluste en geweldpleging.

Die reële toegevoegde waarde van die *tertiére sektore* het in die tweede kwartaal van 1990 teen 'n matige jaarkoers van bykans 1 persent afgeneem. Dit was 'n weerspieëling van koers van afname in die sub-sektore handel en vervoer en in finansies, vaste eiendom en sakedienste, wat (teen jaarkoers gemeet) van ½ persent tot ongeveer 2½ persent gewissel het. In die sub-sektor handel het die afname in die reële toegevoegde waarde hoofsaaklik voortgespruit uit laer vlakke van die bedrywigheid in die kleinhandel en in die motorhandel.

In die *vervoersektor* het die verskillende onderafdelings van daardie sektor deurgaans laer reële produksiepeile getoon. 'n Bo-gemiddelde afname is egter in die reële bedrywigheid van Transnet aangeteken. Dit het, op ietwat tegniese wyse, hoofsaaklik voortgespruit uit 'n afname in die buitelandse vraag, wat in 'n opmerklike daling in die fisiese omvang van die goedere-uitvoer in die tweede kwartaal van 1990 weerspieël is (nadat daar in die voorafgaande drie maande 'n selfs nog meer aansienlike *toename* in hierdie uitvoer aangeteken is). In die *finansiële-dienstebedrywe* was die verslapping van die reële bedrywigheid 'n weerspieëling van die afkoeling van die ekonomie in die algemeen, maar ook van skerp dalings in die omset op die effektebeurs en van 'n afname in die transaksies in vaste eiendom.



Net soos gedurende vorige kwartale van die huidige konjunktuurafgang, was die afname in die reële bruto

nasionale produk in die tweede kwartaal van 1990, wat op 'n jaarkoers van ongeveer 3 persent te staan gekom het, aanmerklik skerper as die gelykydigte afname in die reële bruto *binnelandse produk*. Dit was die gevolg van 'n beduidende styling in die reële netto faktorbetalings (hoofsaaklik hoër rentebetalings) aan nie-inwoners, waardeur die inkrimping van die ongunstige ruilvoet-aansuiwering gedurende die tweede kwartaal meer as ten volle geneutraliseer is. Die verbetering van die ruilvoet in die tweede kwartaal was 'n weerspieëling van 'n daling in die internasionale ruolie-pryse gedurende daardie kwartaal en van 'n verstewing van die prys wat sekere van Suid-Afrika se primêre uitvoerprodukte in die wêreldmarkte behaal het.

Binnelandse besteding

Die totale reële bruto binnelandse besteding het reeds in die derde kwartaal van 1988 en vervolgens weer in die tweede kwartaal van 1989 en daarna, dalings getoon. Nadat dit in die derde en die vierde kwartaal van 1989 teen jaarkoers van 6½ en 7½ persent afgeneem het, het die totale reële bruto binnelandse besteding in die eerste kwartaal van 1990 egter skynbaar nuwe steun

Reële bruto binnelandse besteding



gevind (toe dit teen 'n jaarkoers van slegs $1\frac{1}{2}$ persent afgeneem het), en in die tweede kwartaal in werklikheid 'n klein herstel getoon teen 'n jaarkoers van bykans 3 persent.


Die matige ommeswaai van die inkrimping van die totale reële binnelandse besteding in die tweede kwartaal van 1990 kon toegeskryf word aan 'n daling in die koers waarteen die totale reële voorrade gedurende daardie kwartaal verminder is, waarvan die gunstige uitwerking toegevoeg is aan dié van die volgehoudende opwaartse neiging wat die totale reële private verbruiksbesteding tot dusver in die huidige konjunktuurafgang getoon het. In totaal het die veranderings in hierdie twee komponente van die totale besteding 'n positiewe bydrae van 5 persentasiepunte gelewer tot die jaarkoers van toename in die totale reële bruto binnelandse besteding, wat in die tweede kwartaal van 1990 ongeveer 3 persent beloop het. Hierteenoor het die afnames in die tweede kwartaal in die totale reële owerheidsverbruiksbesteding en in die totale reële bruto binnelandse investering gesamentlik 'n negatiewe bydrae van meer as 2 persentasiepunte gemaak.

Die gemiddelde vlak van die totale reële bruto binnelandse besteding was in die eerste helfte van 1990 ongeveer $4\frac{1}{2}$ persent laer as in die eerste helfte van 1989 en ongeveer $5\frac{1}{2}$ persent laer as in die eerste helfte van 1988. Hierdie taamlik sterk bestedingsinkrimpings het verband gehou met netto afnames in die reële goedere-invoer wat van die eerste helfte van 1989 tot die eerste helfte van 1990 $8\frac{1}{2}$ persent en van die eerste helfte van 1988 tot die eerste helfte van 1990 $4\frac{1}{2}$ persent beloop het. Die teruggang van die binnelandse besteding het ook bygedra tot die verstewiging van 42 persent in die totale oorskot op die lopende rekening van die betalingsbalans vanaf R3,6 miljard in die vier kwartale tot die middel van 1989 tot R5,1 miljard in die vier kwartale tot die middel van 1990.

Die reële *private verbruiksbesteding* het in die tweede kwartaal van 1990 effens verder gestyg teen 'n jaarkoers van ongeveer $1\frac{1}{2}$ persent. Soos in bykans al die voorafgaande kwartale van die huidige konjunktuurverlangsamming tot dusver die geval was, was hierdie lichte verdere groei in die totale reële private verbruiksbesteding uitsluitend die gevolg van toenames in die reële besteding deur huishoudings aan nie-duursame goedere en aan dienste, wat in die tweede kwartaal van 1990 teen seisoensaangesuiwerde jaarkoerse van onderskeidelik 1 en $1\frac{1}{2}$ persent gestyg het. Die reële private verbruiksbesteding aan duursame en semi-duursame goedere het in die tweede kwartaal verder afgeneem teen jaarkoerse van ongeveer $3\frac{1}{2}$ en 1 persent.

Die totale reële private verbruiksbesteding het in die tweede kwartaal van 1990 die steun geniet van 'n effense verdere toename in die totale reële persoonlike beskikbare inkomte. Die feit dat die totale reële private verbruiksbesteding dwarsdeur die vyf kwartale van die

Reële bruto binnelandse besteding en sy komponente



huidige konjunktuurafgang van die ekonomie tot die middel van 1990 in ligte mate verder vorentoe gebeur het, is in die Reserwebank se onlangse *Jaarlikse Ekonomiese Verslag vir 1990* egter ook toegeskryf aan faktore soos geleidelike konjunkturele en strukturele herverdelings van inkomte ten gunste van loontrekkers en van die laer-inkomste-groepe, huishoudings se "gevoonteverskynsel" of gevestigde bestedingsgewoontes, en die druk van die vervangingsvraag met betrekking tot duursame verbruiksgoedere.

Binne die breë kategorie van die reële private besteding aan duursame verbruiksgoedere was die inkrimping van huishoudings se reële besteding aan persoonlike vervoertoerusting in die tweede kwartaal van 1990 'n weerspieëeling van die betreklik hoë pryse van motorvoertuie en van die huidige, betreklik hoë, vlak van die reële rentekoerse op verbruikerskuld. In teenstelling daarmee was die toename in huishoudings se reële besteding aan huishoudelike toestelle in die tweede kwartaal 'n weerspieëeling van die positiewe invloed wat die verligting van sekere beperkings op huurkooptransaksies en die verlaging van die bo-belaasting op invoergoedere deur die fiskale owerheid in Maart 1990, op hierdie soort besteding uitgeoefen het.

Die reële *verbruiksbesteding deur die algemene owerheid* het in die eerste kwartaal van 1989 baie skerp gestyg, in die daaropvolgende drie kwartale afgeneem, in die eerste kwartaal van 1990 weer skerp

gestyg en in die tweede kwartaal weer gedaal. As gevolg hiervan was die totale reële owerheidsverbruiksbesteding, ofskoon dit in die huidige konjunktuurafgang tot dusver op 'n betreklik hoë gemiddelde vlak gestaan het, in die eerste helfte van 1990 nogtans ongeveer 2 persent laer as in die eerste helfte van 1989. Die afname in die totale reële owerheidsverbruiksbesteding in die tweede kwartaal van 1990 was hoofsaaklik die gevolg van aansienlik laer reële besteding aan intermediêre goedere en dienste. Die gemiddelde vlak van die reële owerheidsbesteding aan sodanige goedere en dienste was in die eerste helfte van 1990 5½ persent laer as in die eerste helfte van 1989.

Die totale *reële bruto binnelandse vaste investering* het in die derde kwartaal van 1989 sy kruin bereik en in die daaropvolgende drie kwartale tot die middel van 1990 teen betreklik matige jaarkoerse van onderskeidelik ongeveer 4½, 4 en 5 persent afgeneem. Die inkrimping in die tweede kwartaal van 1990 was hoofsaaklik 'n geval van 'n verdere vermindering van die reële vastekapitaalvorming deur die private sektor. Die reële bruto vastekapitaalvorming deur die openbare korporasies, wat vanaf die tweede kwartaal van 1988 hoofsaaklik as gevolg van die werkzaamhede van Mossgas aansienlik uitgebrei het, het egter ook in die tweede kwartaal van 1990 'n daling getoon. Hierdie daling was groter as die gelykydig kleiner styging in die reële vastekapitaalvorming deur die openbare owerhede, wat vanaf die tweede kwartaal van 1988 'n bestendig afwaartse tendens getoon het.

Die koers van afname in die reële bruto vastekapitaalvorming deur ondernemings in die *private sektor* het effens versnel tot 'n jaarkoersvlak van 5 persent in die tweede kwartaal van 1990, vanaf jaarkoersvlakke van 2½, 5½ en 4½ persent in die voorafgaande drie kwartale sedert die middel van 1989. Hierdie matige verdere versnelling van die koers van afname het hoofsaaklik voortgespruit uit besnoeiings van die reële vastekapitaalbesteding in die landbou, die mynbou en die sektor finansies, verzekering, vaste eiendom en sake-dienste. Toenames is egter nog in die reële vaste investering in die fabriekswese en die handel aangegeteken, alhoewel teen laer koerse as in die voorafgaande kwartale.

Die algemene afwaartse neiging in die reële vastekapitaalvorming van die private sektor sedert die middel van 1989 het kennelik verband gehou met die afkoeling van die binnelandse ekonomie en die betreklik swak vooruitsigte vir groei in 1990, met die betreklik hoë reële rentekoerse in die huidige stadium van die konjunkturgolf in vergelyking met vorige konjuncturele afgangsfases, met die meer weifelende groei in sommige van die belangrikste nywerheidsekonomiese, en met die skerp daling wat gedurende die grootste deel van die periode vanaf die middel van 1988 in die wêreldpryspeil van grondstowwe voorgekom het. Dit het gepaard gegaan met 'n deurgaans teleurstellende verloop van die dollarprys en die randprys van goud.

Meer spesifiek is die investering van die private sektor egter ook afwaarts beïnvloed deur die bo-belasting op ingevoerde kapitaaldoerusting en deur onlangse hersienings van die formule waarvolgens waardeverminderingstoelaes vir belastingdoeleindes bereken word. Ten slotte is die investeringsklimaat wat teen die middel 1990 geheers het, ook ongunstig beïnvloed deur onsekerhede oor toekomstige ontwikkelings op maatskaplik-politieke gebied, deur die strydbaarheid van die georganiseerde arbeid en van die werkerskorps in die algemeen, en deur die toestand van volgehoud burgerlike onrus. Die betreklike matigheid van die afname wat die reële vaste investering van die private sektor onder hierdie omstandighede aan die dag gelê het (in vergelyking met die skerp afname wat byvoorbeeld in die begin van 1986 in hierdie investering aangegeteken is), kon gedeeltelik toegeskryf word aan die betreklike matigheid van die vlakke wat die reële vaste investering in die voorafgaande opgangsfase bereik het.

Die reële vastekapitaalbesteding deur die *openbare korporasies* het in die tweede kwartaal van 1990 teen 'n jaarkoers van 13½ persent afgeneem. Dit was gegrond op 'n tydelike verlangsaming van die investeringsbedrywigheid in die sub-sektor fabriekswese, wat teen die einde van 1989 en in die eerste kwartaal van 1990 tot betreklik hoë vlakke gestyg het, en op 'n sywaartse beweging van die reële vaste-investeringsbesteding in die sub-sektor elektrisiteit, gas en water.

Die reële vastekapitaalbesteding van die *openbare owerhede* het in die tweede kwartaal van 1990 teen 'n jaarkoers van ongeveer 5 persent toegeneem. 'n Aansienlike toename in die reële vastekapitaalvorming deur die sakeondernemings van die algemene owerheid (hoofsaaklik die Departement van Pos- en Telekommunikasiewese) het meer as vergoed vir afnames in sodanige besteding deur al drie die vlakke van die algemene owerheid self.

'n Ontleding van die bruto binnelandse vaste investering in die tweede kwartaal van 1990 volgens *soorte* kapitaalbates toon afnames in die totale reële besteding aan geboue en aan vervoertoerusting; enkele toenames is egter nog in die totale reële besteding aan konstruksiewerke en aan masjinerie en toerusting aangegeteken. Die gemiddelde vlak van die reële besteding aan masjinerie en vervoertoerusting in die eerste helfte van 1990 was egter ongeveer 5 persent laer as gedurende die jaar 1989.

Versnellende verminderings van die *totale reële voorrade* is in die derde en die vierde kwartaal van 1989 en in die eerste kwartaal van 1990 aangegeteken. Die totale reële voorrade is vervolgens in die tweede kwartaal van 1990 verder verminder, maar teen 'n aansienlik laer koers. Hierdie matiging van die tempo van die voorraadvermindering het hoofsaaklik voortgespruit uit kleiner afnames in die diamantvoorraad-in-die-handel, 'n toename in die landbouvoorraad-in-die-handel en 'n aanvulling van die voorrade in die mynbou

namate die lopende fisiese produksie die laer reële hoeveelhede van die minerale-uitvoer meer beduidend begin oorskry het. Afbouings van nywerheids- en handelsvoorraad het egter nog voorgekom. As gevolg hiervan het die verhouding van die reële nywerheids- en handelsvoorraad tot die bruto binnelandse produk verder afgeneem van 20 persent in die eerste kwartaal van 1990 tot 19½ persent in die tweede kwartaal.

Faktorinkome en binnelandse besparing

Die groei in die totale nominale faktorinkome teen markpryse het slegs marginaal van 'n koers van jaar tot jaar van 19 persent in 1988 tot 18½ persent in 1989 verlangsaam. In die eerste helfte van 1990 was die totale nominale faktorinkome egter slegs sowat 13 persent hoër as in die eerste helfte van 1989. Die koers van toename in die totale nominale faktorinkome teen markpryse (dit wil sê in die nominale bruto binnelandse produk) het, ná seisoensaansuiwering en omrekening tot 'n jaarkoers, van 'n gemiddelde van 14½ persent in die tweede helfte van 1989 tot 11½ persent in die eerste helfte van 1990 verlangsaam.

Die groei in die totaal van die nominale faktorvergoedings is in die eerste helfte van 1990 hoofsaaklik deur volgehoue vinnige stygings in die totale nominale arbeidsvergoeding ondersteun. Die totale nominale arbeidsvergoeding was in die eerste helfte van 1990 nog steeds sowat 15 persent hoër as in die eerste helfte van 1989. Dit kon gedeeltelik toegeskryf word aan die algemene loons- en salarisverhogings deur die algemene owerheid (wat egter grotendeels eers vanaf die begin van die tweede kwartaal van 1990 in werking

getree het) en aan bykomende verbeterings van die diensvoorraades van werkers in sekere laag-besoldigde owerheidsdienste in die besonder. Opmerklike toenames in die totale nominale arbeidsvergoeding is egter ook in die mynbou, fabriekswese en die handel in die private sektor aangeteken, terwyl die totale arbeidsvergoeding in die finansiële sektor op 'n hoë vlak gebly het. Die volgehoudre relatief vinnige toename in die totale nominale arbeidsvergoeding in 'n verslappende ekonomie (wat tewens plaasgevind het in weerwil van die feit dat die groei in sakeondernemings se bruto bedryfsplusse, veral sedert die tweede kwartaal van 1989 aanmerklik afgeneem het) kon gedeeltelik toege-skryf word aan die feit dat die konjunktuurafgang tot die middel van 1990 betreklik matig gebly het, aan die skaarste van die aanbod van arbeid in sekere beroepe, en aan die resultate wat uit die loononderhandelings tussen werkgewers en die deurgaans aggressiewe vakbondes na vore gekom het. Oor die algemeen was die koers van die loonsverhogings waaraan daar in onlangse loonskikkings ooreenkoms bereik is, nog steeds hoër as die inflasiekoerse wat in die jongste verlede aangeteken is.


Die nominale bruto bedryfsplus was in 1989 15½ persent hoër as in 1988. Die groeikoers van jaar tot jaar in die nominale bedryfsplus het egter reeds in die derde kwartaal van 1988 sy jongste hoogtepunt bereik en het in die daaropvolgende kwartale teruggesak. Hoewel die groeikoers van die bedryfsplus van kwartaal tot kwartaal aansienlik geskommel het, was die nominale bedryfsplus in die eerste twee kwartale van 1990 gemiddeld slegs 11 persent hoër as in die eerste twee kwartale van 1989.

Die betreklik beskeie jaarkoers van toename van kwartaal tot kwartaal in die bruto bedryfsplus van 12½ persent in die tweede kwartaal van 1990 was in hoofsaak 'n weerspieëeling van die algemene verslapping van die binnelandse finale vraag, van die ongemaklike wins- of verliessituasie in groot dele van die goudmynbedryf, en van die negatiewe invloed wat wydverspreide maatskaplik-politieke onrus en spesifieke boikotaksies en verbruikersintimidiasie wat teen sekere dele van die handel en die nywerheid in die belangrike nywerheidsgebiede gemik was, op die algemene saketoestand uitgeoefen het.


Die verhouding van die bruto binnelandse besparing tot die bruto binnelandse produk het van die eerste tot die tweede kwartaal van 1990 effens gedaal, naamlik van 22 tot 21 persent. Die daarmee gepaardgaande daling in die verhouding van die bruto binnelandse besparing tot die bruto binnelandse investering het ook in 'n vernouing van die oorskot op die lopende rekening van die betalingsbalans tot uiting gekom.

Die mees onlangse verswakking van die binnelandse besparingsverhouding in die tweede kwartaal van 1990 het voortgespruit uit laer besparing deur die maatskappysektor en deur die algemene owerheid, teenoor 'n geringe verbetering in die persoonlike

Reële bruto bedryfsplus en vergoeding van werkneemers



Verhouding van persoonlike besparing tot persoonlike beskikbare inkome



besparing en in die persoonlike-besparingsverhouding. Die toename in die netto persoonlike besparing was gedeeltelik gebaseer op 'n effense toename in die totale reële persoonlike beskikbare inkome (wat die vorm van 'n toename in die totale reële arbeidsvergoeding aangeneem het); die marginale styging in die persoonlike-besparingsverhouding kan gesien word as die teenhanger van huishoudings se meer terughoudende ingesteldheid wat die besteding aan duursame verbruiksgoedere betref.

In teenstelling hiermee het die netto besparing van die maatskappysektor onder die invloed van die afnemende groei in die totale netto bedryfsurplus 'n daling getoon; dié netto bedryfsurplus was, nominaal gesproke, in die tweede kwartaal van 1990 slegs 9 persent hoër as in die tweede kwartaal van die vorige jaar. Die netto besparing van die algemene owerheid het in die tweede kwartaal van 1990 gedaal omdat die matige toename in die algemene owerheid se verbruiksbesteding teen heersende pryse in daardie kwartaal nie ten volle deur die toename in die ontvangste aan direkte en indirekte belastings geëwenaar is nie.

Werkverskaffing

Die gemiddelde vlak van die totale werkverskaffing in die Suid-Afrikaanse ekonomie buite die landbou was in die gevorderde konjunkturele opgangsjaar 1988 sowat 1,2 persent hoër as in 1987. Dit wil voorkom asof daar vervolgens in die eerste kwartaal van 1989 slegs min verandering in die totale werkverskaffing buite die landbou aangeteken is. Dit is egter gevolg deur hernieude toenames in die werkverskaffing teen seisoensaangesuiwerde jaarkoerse van uitbreiding van kwartaal tot kwartaal wat in die "konsolidasie"-tydperk van

die ekonomie in die middelkwartale van 1989 0,6 en 1,2 persent beloop het.

'n *Inkrimping* van die werkverskaffing buite die landbou teen 'n seisoensaangesuiwerde jaarkoers van 2,0 persent in die vierde kwartaal van 1989 is in die eerste kwartaal van 1990 deur 'n hernieuwe *uitbreiding* teen 'n jaarkoers van 2,4 persent gevolg. Soos in die Reservewebank se onlangse *Jaarlikse Ekonomiese Verslag* opgemerk is, was hierdie taamlik dramatiese herstel in die totale werkverskaffing in die eerste kwartaal van 1990 egter in wese 'n "registrelling" van afnames in die werkverskaffing in die voorafgaande drie maande. Groot skommelings in die aantal werkers in diens is byvoorbeeld in die betrokke twee kwartale in die Suid-Afrikaanse Vervoerdienste aangeteken. Langdurige stakings van SAVD-werkers gedurende die periode November 1989-Januarie 1990 het geleid tot afdankings en bedankings van 'n groot aantal personeellede en tot afnames in die werkverskaffing deur die SAVD wat in die vierde kwartaal van 1989 'n seisoensaangesuiwerde jaarkoers van 34,1 persent bereik het. Dit is in die eerste kwartaal van 1990 deur 'n toename in die werkverskaffing teen 'n jaarkoers van 34,6 persent gevolg.

Herversnellings van die werkverskaffingsgroei het in eerste kwartaal van 1990 egter ook by verskeie nywerhede in die private sektor voorgekom. Daarteenoor het die algemene owerheid, die Departement van Pos- en Telekommunikasiewese, die goudmynbedryf, technikons, die private padvervoer, die groothandel en die motorhandel en sekere ander diensbedrywe (onder ander sektore en sub-sektore) gedurende hierdie kwartaal personeelinkrimpings of voortgesette personeelverminderinge getoon.

Die globale koers van toename in die werkverskaffing buite die landbou vier kwartale ná die boonste konjunktuurdraaipunt van die ekonomie in die eerste kwartaal van 1989 bereik is, het nietemin gunstig vergelyk met ontwikkelings in die werkverskaffing wat in 'n soortgelyke stadium gedurende die konjunktuurafgang van 1981-83 aangeteken is. Gegeweens vir die tweede kwartaal van 1990 dui op afnames in die werkverskaffing in die fabriekswese, die konstruksiebedryf en elektrisiteitsopwekking.

Die totale werkverskaffing in die *private sektor* buite die landbou het in die middelkwartale van 1989 teen seisoensaangesuiwerde jaarkoerse van 0,2 en 1,3 persent gestyg, maar in die vierde kwartaal teen 'n jaarkoers van 2,0 persent afgeneem. Daarna het dit in die eerste kwartaal van 1990 weer teen 'n nogal heel merkwaardige jaarkoers van 4,0 persent toegeneem, hoofsaaklik vanweë toenames in die werkverskaffing in die fabriekswese, die konstruksiebedryf, die mynbou anders as die goudmynbou, elektrisiteitsopwekking en sekere diensbedrywe.

Toenames in die werkverskaffing teen jaarkoerse van 1,8 en 1,0 persent is in die middelkwartale van 1989 by die *openbare owerhede* aangeteken. Dit is

Werkloosheid



egter in die vierde kwartaal van 1989 en die eerste kwartaal van 1990 deur afnames in die werkverskaffing teen koerse van 2,1 en 1,6 persent gevolg.

Die verhouding van *oortydure* tot normale ure gewerk in die konstruksiebedryf en in die fabriekswese het vanaf onderskeidelik die tweede en die derde kwartaal van 1989 tot die eerste kwartaal van 1990 afgeneem. Albei hierdie verhoudings het egter in April en Mei 1990 weer effens herstel, maar nie na die vlakte wat in die ooreenstemmende periode in 1989 aangegetek is, teruggekeer nie.

Die seisoensaangesuiwerde aantal geregistreerde *werkloses* in die Blanke, Kleurling- en Asiérbevolkingsgroepe het, in skynbare teenstryd met die afkoeling van die ekonomie, van 51 400 in April 1989 tot 42 000 in Desember teruggesak, maar weer tot 53 600 in Mei 1990 toegeneem. Hierdie meer onlangse syfer was egter nog steeds aansienlik laer as die hoogtepunt van 82 300 werkloses onder die betrokke bevolkingsgroepe in September 1986. Die netto toename in die geregistreerde werkloosheid onder die betrokke bevolkingsgroepe was in die huidige konjunktuurafgang tot dusver ook nog steeds aansienlik laer as die toenames in die werkloosheid oor vergelykbare periodes in die voorafgaande drie afwaartse konjunkturbewegings. Hierteenoor het die seisoensaangesuiwerde totale aantal geregistreerde werkloses per saldo van 'n laagtepunt van 108 900 in Januarie 1989 tot 138 900 in Mei 1990 toegeneem, vergeleke met die vorige hoogtepunt van 136 300 in September 1987.

Arbeidskoste en produktiwiteit


Die toename van jaar tot jaar in die nominale loon per werker het van 15,6 persent in die gevorderde opgangsjaar 1988 tot 16,9 persent in die konsolidasie- en vroeë afgangsjaar 1989 versnel. In die loop van 1989 het die kwartaallike koers van toename oor vier kwartale in die nominale loon per werker per saldo van 17,0 persent in die eerste kwartaal, via 15,8 en 16,8 persent in die tweede en die derde kwartaal, tot 18,2 persent in die laaste kwartaal versnel. Daarna het dit egter nogal heel plotseling weer tot 14,3 persent in die eerste kwartaal van 1990 verlangsaam.

In teenstelling met die verloop van sake gedurende die periode 1985-1988, het die toenames in die nominale loon van werkers in diens van die *openbare owerhede* die toenames in die nominale lone in die private sektor dwarsdeur 1989 aansienlik oorskry. Die koers van toename oor vier kwartale in die nominale loon per werker in diens van die openbare owerhede het dramaties van slegs 8,4 persent in die laaste kwartaal van 1988 tot nie minder nie as 24,1, 17,7, 23,8 en 21,9 persent in die vier opeenvolgende kwartale van 1989 (dit wil sê tot 'n gemiddelde van ongeveer 21,8 persent in die kalenderjaar) versnel. Daarna het hierdie koers egter, soos by die loonontwikkeling in die geval van die openbare owerhede nie ongewoon is nie, in die eerste kwartaal van 1990 weer, byna net so skerp as wat dit toegeneem het, tot 7,2 persent teruggesak. Dit was gedeeltelik die gevolg van die feit dat algemene salaris-aanpassings in die staatsdiens oor die algemeen eers vanaf die begin van die tweede kwartaal van 1990 in werkig getree het, in teenstelling met sekere groot jaarlikse aanpassings wat in 1989 vanaf die begin van die eerste kwartaal van krag geword het.

In vergelyking hiermee het die toenames oor vier kwartale in die gemiddelde nominale loon per werker in die *private* sektor van 13,6 persent in die eerste kwartaal van 1989 tot 14,9, 13,8 en 16,6 persent in die daaropvolgende drie kwartale (dit wil sê tot 'n gemiddelde van 14,8 persent gedurende die jaar) toegeneem. Hierdie koers het in die eerste kwartaal van 1990 vervolgens egter verder versnel, naamlik tot 17,9 persent. Werkgewers se toenemende weerstand teen groot verhogings van die nominale lone in 'n verslappende ekonomie – soos dit skynbaar uit die verlangsaam van die *globale* koers van die loonsverhogings in die eerste aantal maande van 1990 na vore gekom het – het voorasnog dus duidelik nie daarin geslaag om die loonontwikkeling by *private* ondernemings gedurende daardie periode belangrik te beïnvloed nie.

In die Reserwebank se onlangse *Jaarlikse Ekonomiese Verslag* is opgemerk dat die koers van toename van jaar tot jaar in die *reële* loon per werker matig van 2,5 persent in 1988 tot 1,9 persent in 1989 teruggesak het. Die koers van toename oor vier kwartale in die *reële* loon per werker het in die vierde kwartaal van 1988 2,0 persent en in die vier kwartale van 1989 3,0, 0,8, 1,3 en 2,8 persent beloop, maar het in die eerste

Gemiddelde vergoeding per werker in nie-landbousektore



Nominale arbeidseenheidskoste in nie-landbousektore



kwartaal van 1990 in vergelyking met die eerste kwartaal van 1989 (vir die eerste keer sedert die derde kwartaal van 1987) weer na 'n negatiewe koers, naamlik van 0,6 persent, omgeswai. Dit was die gevolg van die daling in die koers van toename oor vier kwartale in die gemiddelde van die nominale loon van alle werkers buite die landbousektor in die eerste kwartaal van 1990, teenoor die volgehoue relatief hoë vlak wat die koers van die inflasie in die verbruikerspryse oor vier kwartale gedurende daardie periode aan die dag gelê het.

Die *arbeidsproduktiwiteit* buite die landbou het in die gevorderde opgangjaar 1988 relatief sterk (naamlik met 2,7 persent) verbeter, maar in 1989 (met uitsluiting van die kleinhandel) tot 'n koers van toename van 1,3 persent verlangsaam. 'n Verlangsaamming van die koers van produktiwiteitsverbeterings in vroeë afgangsperiodes is nie ongewoon nie; 'n gedeelte van die verlangsaamming van die produktiwiteitsverbeterings in 1989 moet egter toegeskryf word aan groter verliese aan fisiese produksie as gevolg van stakings en buitesluitings, absentisme, die intimidasie van werkers en arbeidsonrus. Die koers van toename oor vier kwartale in die fisiese produksie per werker buite die landbou (en met uitsluiting van die kleinhandel) het van meer as 3,0 persent in die derde en die vierde kwartaal van 1988 tot 2,9 en 2,4 persent in die eerste twee kwartale van 1989 verlangsaam. Daarna het die arbeidsproduktiwiteit in die derde kwartaal van 1989 sywaarts beweg voordat dit in die vierde kwartaal van 1989 en in

die eerste kwartaal van 1990 tot koers van afname van 0,2 en 1,2 persent verswak het.

Die versnelling van die koers van toename in die nominale loon per werker, en die verswakkering van die koers waarteen die fisiese arbeidsproduktiwiteit verbeter het, het meegebring dat die koers van toename van jaar tot jaar in die *nominale arbeidseenheidskoste* van 12,6 persent in 1988 tot 'n verontrustende 17,1 persent in 1989 gestyg het. In die loop van 1989 het die koers van toename oor vier kwartale in die nominale arbeidseenheidskoste van 11,0 persent in die vierde kwartaal van 1988 tot nie minder nie as 19,6 persent in die vierde kwartaal van 1989 versnel. Die aanmerklik laer koers van toename oor vier kwartale in die gemiddelde nominale loon van alle werkers buite die landbou in die eerste kwartaal van 1990 het vervolgens egter meegebring dat die toename oor vier kwartale in die nominale arbeidseenheidskoste tot 15,3 persent gedaal het.

Die *reële arbeidseenheidskoste* het van 1985 tot 1988 afgeneem. Die kombinasie van aansienlike verdere toenames in die reële loon per werker aan die een kant en verswakkende produktiwiteitstoenames aan die ander kant, het vervolgens egter in 1989 'n toename van 2,0 persent in die reële arbeidseenheidskoste meegebring. In die vierde kwartaal van 1989 het die toename in die reële arbeidseenheidskoste oor vier kwartale in werklikheid nie minder nie as 4,0 persent bedra. In die eerste kwartaal van 1990 het die inkrimping van die reële loon per werker egter veroorsaak dat hierdie koers tot 0,3 persent afgeneem het.

Inflasie

Soos ook in die Reserwebank se *Jaarlikse Ekonomiese Verslag vir 1990* opgemerk is, was die veranderings in die Suid-Afrikaanse inflasiekoers, soos dit deur die meer belangrike prysindekse gemeet word, sedert ongeveer die middel van 1989 bemoedigend maar kon dit klaarblyklik nog nie as voldoende beskou word nie. Met uitsondering van die koers van toename in die randpryse van ingevoerde goedere (wat oor die afgelopé paar jaar in ooreenstemming met wisselkoersbewegings wye skommelings getoon het), was al die belangrikste inflasiekoers wat tot dusver ten opsigte van die tweede kwartaal en Julie 1990 bekend gemaak is – hetsy dit oor periodes van twaalf maande of teen jaarkoers van kwartaal tot kwartaal gemeet word – nog steeds, of weer eens, op vlakte wat met twee syfers geskryf word. Die onlangse skerp en skielike verhogings van die prys van vloeibare brandstowwe – waartoe die militêre en politieke gebeure in die Midde-Ooste sedert 2 Augustus 1990 aanleiding gegee het – sal die gemete inflasiekoers uit die aard van die saak versleg oor periodes waarby hierdie voorvalle ingesluit is. Die aard van die stygging in die olieprys as 'n wesenlik eenmalige gebeurtenis moet egter beklemtoon word: dit is die *prys van olie, nie die koers van stygging* in die olieprys oor 'n langdurige periode nie, wat (hetsy blywend of slegs tydelik) in Augustus–September 1990 skerp en skielik gestyg het.


Die verstewiging van die effektiewe wisselkoers van die rand in die vierde kwartaal van 1989, die betreklike stabilitet van die wisselkoers in die eerste twee kwartale van 1990, en die verlaging van die bo-belasting op invoergoedere in die Sentrale Regering se Begroting vir 1990/91, het tot gevolg gehad dat die seisoensaangesuiwerde jaarkoers van toename van kwartaal tot kwartaal in die prys van *ingevoerde goedere* van 26,8 persent in die tweede kwartaal van 1989 tot 6,6 en 7,5 persent in die vierde kwartaal van 1989 en die eerste kwartaal van 1990 en tot slegs 2,9 persent in die tweede kwartaal van 1990 teruggesak het. Die koers van toename in die prys van ingevoerde goedere oor periodes van twaalf maande het ononderbroke van sy onlangse hoogtepunt van 19,3 persent in Junie 1989 tot slegs 6,0 persent in Junie 1990 en 4,7 persent in Julie gedaal – die laagstevlak waarop dit sedert Mei 1984 te staan gekom het.

Die seisoensaangesuiwerde jaarkoers van toename van kwartaal tot kwartaal in die prys van *binnelandse geproduseerde goedere* het van sy onlangse hoogtepunt van 18,1 persent, wat reeds in die eerste kwartaal van 1989 bereik is, tot 'n vlak van 12-13 persent in die derde en die vierde kwartaal van 1989 en tot 'n enkel-syfervlak (9,7 persent) in die eerste kwartaal van 1990 gedaal. Daarna het dit egter weer tot 14,2 persent in die tweede kwartaal van 1990 versnel. Hierdie hervesnelling het ontstaan uit prysverhogings in 'n wye reeks sektore en sub-sektore van die binnelandse ekono-

mie, waarby mynbouprodukte, drank en tabak, tukstielgoedere, houtprodukte, rubberprodukte, chemikalië, steenkool- en petroleumprodukte, masjinerie en toerusting, basiese metale en metaalprodukte, en nie-metaalhoudende mineraalprodukte betrokke was. Die koers van toename in hierdie prys oor twaalf maande het van 'n onlangse hoogtepunt van 15,4 persent in Mei 1989 tot 11,3 persent in Maart 1990 verlangsaaam, maar weer tot 12,5 persent in Junie versnel voordat dit weer eens tot 11,6 persent in Julie afgeneem het.

Die seisoensaangesuiwerde jaarkoers van toename van kwartaal tot kwartaal in die totale *produksieprysindeks*, wat baie dieselfde verloop as die prysindeks vir binnelandse geproduseerde goedere getoon het, het van sy hoogtepunt van 17,9 persent in die tweede kwartaal van 1989 tot 11,1 persent in die vierde kwartaal van 1989 en tot 'n enkel-syfervlak (9,2 persent) in die eerste kwartaal van 1990 afgeneem. Daarna het dit weer tot 11,8 persent in die tweede kwartaal van 1990 versnel – waarby dit deur die lae gelyktydige styggingkoers van die prys van ingevoerde goedere tot onder

Produksiepryse



die stygingskoers van die prysie van binnelands geproduceerde goedere afgehou is. Die koers van toename in die produksieprysindeks oor periodes van twaalf maande het van 15,8 persent in Mei 1989 tot 11,6 persent in Maart en April 1990 afgeneem, maar het daarna – in plaas daarvan dat dit herversnel het – 'n lige verdere afname getoon tot 11,2 persent in Junie, en in Julie baie bemoedigend tot 10,3 persent gedaal.

Die koers van toename van kwartaal tot kwartaal in die *verbruikersprysindeks*, seisoensaangesuiwerd en ná verheffing tot 'n jaarvlak, het, vanaf 18,0 persent in die tweede kwartaal van 1989, in die vierde kwartaal van 1989 en in die eerste en die tweede kwartaal van 1990 tot onderskeidelik 13,3 persent, 'n teleurstellende 14,9 persent en 13,1 persent afgeneem. Hierdie koers was dus nog steeds betreklik ver verwyn van die enkelsyfervlak wat dit reeds in die eerste kwartaal van 1988 van bo-af binnegedring het. Die koers van toename in die verbruikersprysie oor twaalf maande het per saldo slegs teen 'n trae pas van sy onlangse hoogtepunt van 15,7 persent in Junie 1989 tot 13,3 persent in Julie 1990 afgeneem. Skerp stygings is oor die afgelope paar maande nog in die prysie van voedsel, tabak en alkoholiese drank aangeteken; die styging in die verbruikersprysindeks vir die laer-inkomstegroep het as gevolg hiervan oor die twaalf maande tot Julie 1990 14,4 persent bedra, teenoor 'n ietwat meer gematigde styging van 12,8 persent in die lewenskoste van die hoë-inkomstegroep.

Betalingsbalans en wisselkoerse

Lopende rekening

Die oorskot op die lopende rekening van die Suid-Afrikaanse betalingsbalans, wat van 'n kwartaallike gemiddelde (ná seisoensaansuiwering en teen 'n jaarkoers) van R1,4 miljard in die eerste helfte van 1989 tot R4,8 miljard in die tweede helfte verstewig het en in die eerste kwartaal van 1990 verder gestyg het tot R5,6 miljard, het in die tweede kwartaal van 1990 tot R3,6 miljard teruggesak. Hierdie inkrimping het voortgespruit uit 'n daling in die waarde van die goedere-uitvoer en 'n geringe verdere toename in die waarde van die goedere-invoer (ná 'n meer beduidende styging in die eerste kwartaal). Daarteenoor het die netto gouduitvoer ietwat herstel vanaf die lae vlak tot waarop dit in die eerste kwartaal ingekrimp het. Die netto dienste- en oordragbetalings aan nie-inwoners het van die eerste tot die tweede kwartaal van 1990 nie beduidend verander nie.

Die daling van 5 persent in die *waarde* van die goedere-uitvoer van die eerste tot die tweede kwartaal van 1990 is meer as ten volle verklaar deur 'n daling van 8 persent in die *fisiese omvang* van hierdie uitvoer vanaf die historiese rekordvlak wat die reële uitvoer in die eerste drie maande van die jaar behaal het. Laer fisiese hoeveelhede van die uitvoer is ten opsigte van minerale en onedele metale sowel as van die landbou-uitvoer aangeteken. Ofskoon die totale hoeveelheid van die goedere-uitvoer in die tweede kwartaal van 1990 ook laer was as die vorige jaar, was dit nog steeds marginaal hoër as die kwartaallike gemiddelde wat in 1989 bereik is.


'n Verstewiging van die uitvoerprysie in die tweede kwartaal van 1990 het die daling in die uitgevoerde hoeveelhede gedeeltelik geneutraliseer. Die gemiddelde vlak van die Suid-Afrikaanse uitvoerprysie in rand het ná die eerste kwartaal van 1989 gedaal vanweé 'n verslapping van die internasionale grondstofmarkte en (vanaf die derde kwartaal van 1989) ook vanweé die verhoogde stabiliteit van die wisselkoers van die rand.

Lopende rekening van die betalingsbalans

Seisoensaangesuiwerde jaarkoerse
R miljoene

	1989				1990		
	1e kw	2e kw	3e kw	4e kw	Jaar	1e kw	2e kw
Goedere-uitvoer	34 842	42 866	39 986	38 646	39 085	41 660	39 527
Netto gouduitvoer	18 970	18 150	19 670	20 122	19 228	17 793	18 500
Goedere-invoer	-41 519	-48 560	-44 841	-42 368	-44 322	-43 577	-44 140
Netto dienste- en oordragbetalings	-10 640	-11 293	-9 628	-11 971	-10 883	-10 299	-10 264
Saldo op lopende rekening	1 653	1 163	5 187	4 429	3 108	5 577	3 623

Betalingsbalans




'n Aantal wêreldgrondstofpryse het in die tweede kwartaal van 1990 egter weer verstewig; hoér uitvoerpryse van koper, nikkel en steenkool het gedurende hierdie tydperk meer as vergoed vir dalings in die uitvoerpryse van platina en ferro-chroom.

Die waarde en die fisiese hoeveelhede van die *goedere-invoer* het van die eerste tot die tweede kwartaal van 1990 effens, naamlik met onderskeidelik 1,3 en 0,2 persent, gestyg in weerwil van die feit dat die resessietoestand in die binnelandse ekonomie ietwat verder uitgebrei het. Die gemiddelde vlak van die *reële goede-re-invoer* was in die eerste twee kwartale van 1990 ongeveer 4½ persent laer as in die eerste twee kwartale van 1988 en ongeveer 8½ persent laer as in die eerste twee kwartale van 1989. Soos egter ook in die Reserwebank se onlangse *Jaarlikse Ekonomiese Verslag vir 1990* opgemerk is, was die *invoerpenetrasieverhouding* (dit wil sê die verhouding van die *reële goedere-invoer* tot die *reële bruto binnelandse besteding*) in die eerste kwartaal van 1990 nie laer as in die tweede kwartaal van 1988 nie, terwyl dit, op sy vlak van 22,3 persent, gemiddeld in die eerste twee kwartale van 1990 slegs fraksioneel laer was as die gemiddelde vlak van 22,4 persent wat dit in die eerste twee kwartale van 1988 bereik het.

Die baie effense styging in die *reële invoer* van die eerste tot die tweede kwartaal van 1990 is verklaar

Pryse van goedere-invoer en -uitvoer




deur verhoogde invoer van mineraalprodukte en van voertuie en vervoertoerusting. Die beperkte omvang (1 persent) van die styging in die gemiddelde vlak van die invoerpryse van die eerste tot die tweede kwartaal kon aan 'n daling in die internasionale oliepryse gedurende die tweede kwartaal en aan die betreklike stabilitet van die wisselkoers van die rand toegeskryf word.

Gedurende die eerste helfte van 1990 was die gemiddelde vlak van die invoerpryse slegs 4 persent hoér as die gemiddelde vlak van hierdie prys in 1989. Die skielike skerp styging in die internasionale oliepryse ná die uitbreek van vyandelikhede in die Midde-Ooste in die begin van Augustus 1990, kan egter verhoogde druk op die Suid-Afrikaanse invoerpryse uitoefen terwyl dit ook afwaartse druk op die oorskot op die lopende rekening kan plaas. Die internasionale olieprys (Brent-ruolie) het van 'n gemiddelde van VSA\$18 per vat in die eerste sewe maande van 1990 tot meer as \$26 per vat in Augustus, of met 44½ persent, gestyg. 'n Hoogtepunt van \$32 per vat is kortstondig op 24 Augustus aangeteken; van daar af het die Brent-ruolieprys egter matig gedaal tot effens meer as \$30 per vat op 10 September.

Die waarde van die *netto gouduitvoer* het van die eerste tot die tweede kwartaal van 1990 met 4 persent gestyg en sodoende 'n meer drastiese inkrimping van die oorskot op die lopende rekening in die tweede kwartaal verhoed. Die gouduitvoer-verdienste het toegenem ondanks die feit dat die dollarprys van goud vanaf laat in Maart 1990 tot in April en weer teen die einde van Mei en in die begin van Junie beduidend ge-

Goud- en oliepryse



daal het. Die toename in die fisiese hoeveelheid van die gouduitvoer soos dit vir die doel van die betalingsbalans gemeet word (en wat van die lopende goudproduksie van die mynbedryf onderskei moet word) was belangriker as hierdie prysdalings.

Die gemiddelde dollarprys van goud van \$352 per fyn ons in Junie 1990 was die laagste maandelikse gemiddelde waarop die goudprys in dollars sedert Julie 1986 te staan gekom het. Die gemiddelde dollarprys van goud het vervolgens in Julie 1990 slegs matig (naamlik tot \$362 per fyn ons) herstel, maar in Augustus meer aansienlik gestyg (naamlik met 9 persent, tot \$395 per fyn ons) in reaksie op die uitbreek van vyanadelikhede en die gevaar van grootskeepse krygshandelinge in die Midde-Ooste. Die randprys van goud het van R951 per fyn ons in Julie tot R1 016 per fyn ons in

Augustus verbeter. 'n Goudprys van aansienlik meer as \$400 per fyn ons sou egter nodig wees indien Suid-Afrika slegs deur die prys van goud vergoed moes word vir die regstreekse nadelige invloed wat op die lopende rekening van die betalingsbalans uitgeoefen sal word indien die internasionale olieprys langdurig op sy huidigevlak van ongeveer \$30 per vat ruolie sou bly of tot meer as dit sou styg.

Die netto dienste- en oordragbetalings aan nie-inwoners het in die vierde kwartaal van 1989, teen 'n jaarkoers bereken, 'n rekordhoogtepunt van R12,0 miljard bereik, maar in die eerste sowel as die tweede kwartaal van 1990 tot 'n jaayvlak van R10,3 miljard teruggesak. 'n Toename in die netto rentebetalings aan buitelanders in die tweede kwartaal van 1990 is deur buitelanders se verhoogde reisbestedings in Suid-Afrika en deur 'n toename in die oordragontvange geneutraliseer.

Kapitaalrekening

Die kapitaalrekening van die betalingsbalans, wat in die eerste kwartaal van 1990 dramaties verbeter het, het in die tweede kwartaal weer aansienlik verswak. Die totale uitvloeiing van kapitaal nie verwant aan reserwes nie het van slegs R0,4 miljard in die eerste kwartaal van 1990 tot R2,2 miljard in die tweede kwartaal toegeneem – die hoogste vlak van die netto uitwaartse kapitaalbeweging sedert die derde kwartaal van 1988 en ongeveer twee maal so groot as die gemiddelde kwartaallike uitvloeiing van net minder as R1,1 miljard in die loop van 1989.

Die groot omvang van die totale netto uitvloeiing van kapitaal in die tweede kwartaal van 1990 kon bykans geheel en al verstaan word aan die hand van terugbetalings op buitelandse skuld kragtens die skuldstilstandreëlings met buitelandse krediteurbanke en ver-

Netto kapitaalbewegings (nie verwant aan reserwes nie)

R miljoene

	1989				1990		
	1e kw	2e kw	3e kw	4e kw	Jaar	1e kw	2e kw
Langtermynkapitaal							
Openbare owerhede	-313	-143	-170	-20	-646	-206	-673
Openbare korporasies	124	316	-62	58	436	473	-35
Private sektor	-213	-899	413	-321	-1 020	-1 204	-482
Totale langtermynkapitaal	-402	-726	181	-283	-1 230	-937	-1 190
Korttermynkapitaal insluitende onaangetekende transaksies, maar uitsluitende laste verwant aan reserwes ...	-1 020	-555	-711	-829	-3 115	531	-1 000
Totale kapitaalbewegings uitsluitende laste verwant aan reserwes	-1 422	-1 281	-530	-1 112	-4 345	-406	-2 190

hoogde aflossings van ander vorms van buitelandse skuld. Gedurende die tweede kwartaal van 1990 het 'n totale bedrag van ongeveer VSA\$1,2 miljard (ongeveer R3 miljard) binne sowel as buite die stilstandnet betaalbaar geword. Indien die kapitaaluitvloeings (nie verwant aan reserwes nie) wat ontstaan uit die verkope van effekte deur buitelanders en uit veranderings in Suid-Afrika se besit aan buitelandse bates buite rekening gelaat word, is dit duidelik dat 'n groot bedrag van die skuld wat verval het, hernieu is of dat nuwe bronre van buitelandse kapitaal gedurende die betrokke drie maande ontgin is.

In 1988 en 1989 het dele van onderskeidelik meer as 80 persent en meer as 70 persent van die totale uitvloeings van R6,2 miljard en R4,3 miljard aan kapitaal nie verwant aan reserwes nie gedurende die betrokke twee jaar, bestaan uit *korttermynkapitaal* (waarby onaangetekende transaksies ingesluit is). In teenstelling hiermee was uitvloeings van *langtermynkapitaal*, ten bedrae van R2,1 miljard, verantwoordelik vir meer as 80 persent van die totale netto bedrag van R2,6 miljard aan alle kapitaal nie verwant aan reserwes nie wat in die eerste helfte van 1990 uitgevloeи het.

Die uitvloeiing van langtermynkapitaal in die eerste helfte van 1990 was in werklikheid aansienlik groter as die uitvloeiing van langtermynkapitaal van R1,2 miljard gedurende die jaar 1989 in sy geheel. Daarteenoor het die uitvloeiing van korttermynkapitaal van 'n kwartaallikse gemiddelde van R0,8 miljard in 1989 tot 'n kwartaallikse gemiddelde van skaars meer as R0,2 miljard in die eerste helfte van 1990 ingekrimp. Gesien van die

kant van hierdie onlangse inkrimping van die uitvloeings van korttermynkapitaal, was hierdie ommeswaai vanaf korttermynkapitaaluitvloeings in 1988 en 1989 na langtermynkapitaaluitvloeings in 1990 tot dusver 'n duidelike weerspieëeling van die verhoogde stabiliteit van die wisselkoers van die rand sowel as van die betreklik hoë huidige vlakke van die korttermynrente koersie in Suid-Afrika.

Suid-Afrika se buitelandse skuld binne die stilstandnet het van VSA\$13,6 miljard, of 57,4 persent van die totale buitelandse skuld, aan die einde van Augustus 1985 tot VSA\$7,3 miljard, of 35,4 persent van die totale skuld, aan die einde van 1989 gedaal. Daarna het dit in die eerste helfte van 1990 verder gedaal as gevolg van terugbetalings (tot 'n bedrag van ongeveer VSA\$150 miljoen) kragtens die bestaande stilstandregulasies met buitelandse krediteurbanke, asook vanweë verdere omskakelings van skuld na langtermynlenings buite die stilstandnet.

Buitelandse reserwes

Suid-Afrika se totale *bruto* goud- en ander buitelandse reserwes het in die eerste kwartaal van 1990 met R0,9 miljard gestyg, maar in die tweede kwartaal met R1,4 miljard gedaal as 'n weerspieëeling van die vernouing van die oorskot op die lopende rekening sowel as van daardie kwartaal se groot skuldterugbetelingsverplaasings. Die land se totale bruto goud- en ander buitelandse reserwes het gedurende die eerste ses maande van 1990 dienooreenkomsdig per saldo met R0,5 miljard tot R6,4 miljard aan die einde van Junie gedaal.


Die totale *netto* reserwes het in die eerste kwartaal van 1990 met nie minder nie as R1,9 miljard gestyg, maar – net soos die bruto reserwes – in die tweede kwartaal met R1,4 miljard gedaal. Die netto *styging* van R0,5 miljard in die netto reserwes in die eerste ses maande van 1990 kan met 'n daling van R1,2 miljard gedurende die jaar 1989 vergelyk word.

Gedurende Julie-Augustus 1990 het die bruto en netto reserwes van die Reserwebank onderskeidelik met nie minder nie as R0,9 miljard en R2,1 miljard gestyg. Die Bank se goudreserwes het van 3,1 miljoen fyn onse aan die einde van Desember 1989 tot 3,7 miljoen fyn onse aan die einde van Augustus 1990 toegeneem.


Wisselkoersie

Verslapping van die groeiprestasie van die Amerikaanse ekonomie, laer rentekoersie en vooruitsigte op laer rentekoersie, het meegebring dat die VSA-dollar vanaf die middel van Junie 1989 tot die einde van Augustus 1990 per saldo teenoor al die belangrikste geldeenheide behalwe die Japanse yen verswak het. Die depreciasies van die VSA-dollar teenoor die Duitse mark, sterling en die Switserse frank het gedurende hierdie tydperk onderskeidelik nie minder nie as 23, 21 en 28

Buitelandse skuld van Suid-Afrika



Wisselkoerse



percent beloop. Die dollar se depresiasie teenoor die rand het 11 persent bedra.

Die effektiewe wisselkoers van die rand het op 18 September 1989 te staan gekom op die laagste punt wat dit ooit bereik het maar het die grootste deel van die terrein wat dit in 1989 verloor het, gedurende die res van daardie jaar terugverower op grond van die strewiger oorskotte op die lopende rekening in die derde en vierde kwartaal van 1989 en van die verstewiging van die dollarprys van goud vanaf die middel van September. Die daaropvolgende verswakking van die rand in 1990 tot dusver het hoofsaaklik in die eerste drie maande van die jaar voorgekom, gedeeltelik vanweë die skerp daling in die dollarprys van goud teen die einde van Maart. Vanaf vroeg in April het die effektiewe wisselkoers van die rand 'n meer stabiele verloop getoon. Aan die einde van Augustus 1990 was die wisselkoers van die rand nog steeds 1,8 persent bo die historiese laagtepunt van 18 September 1989.

Die diskonto van die *finansiële* teenoor die kommersiële rand het op 6 Februarie 1990, ná die Staatspresident se rede ten tyde van die opening van die Parlement op 2 Februarie, tot slegs 19,2 persent ingekrimp, maar daarna weer tot vlakke van meer as 30 persent teruggekeer. Ná die skerp toename in die politieke spanning en militêre optrede in die gebied van die Persiese Golf in Augustus 1990, het die skerp styging in die dollarprys van goud, wat op 23 Augustus op 'n hoogtepunt van VSA\$414 per fyn ons te staan gekom het, tot gevolg gehad dat die *finansiële* rand op 14 Augustus tot R3,63 per dollar verstewig het en die diskonto daarvan tot 28,9 persent vernou het. Die opvlamming van faksiegevegte in 'n aantal Swart dorps-

gebiede, en die besluit van die owerhede dat die gebruik van die finansiële rand in die toekoms tot die aanskaffing van vaste bates, toerusting en masjinerie beperk word, het vervolgens daar toe bygedra dat die finansiële rand opnuut verswak het tot R3,89 per dollar op 31 Augustus en dat die diskonto daarvan weer tot 34,2 persent op daardie datum vergroot het.

Veranderings in die wisselkoers van die rand

%

	30 Des 1988 tot 18 Sept 1989	18 Sept 1989 tot 29 Des 1989	29 Des 1989 tot 31 Aug 1990
Geweegde gemiddelde	-10,9	7,3	-5,1
VSA-dollar	-15,9	11,0	-0,5
Britse pond	-3,7	8,2	-16,4
Duitse mark	-7,7	-4,5	-7,9
Switserse frank	-5,9	0,9	-16,5
Japanse yen	-2,3	8,8	0,2
Franse frank	-8,7	-3,2	-9,7
Finansiële rand	-5,2	12,7	-7,9

Finansiële markte

Geldvoorraad

Die tempo van die groei in die M3-geldvoorraad was in die twee mikpuntjare 1988 en 1989 aansienlik hoër as die boonste grens van die monetêre-mikpuntperk en het gedurende die eerste vyf maande van die beleidsjaar 1990 voortgegaan om die boonste grens (van 15 persent) van die "riglyne" vir die groei in die M3-geldvoorraad te oorskry. In Junie 1990 het M3 egter teruggesak tot binne die "kegel" wat uitgestippel word deur die boonste en die onderste grens aan die monetêre uitbreiding wat deur die riglynperk gestel word. Die jaarkoers van toename in M3 (seisoensaangesuiwerd) vanaf die kwartaallikse gemiddelde daarvan in die vierde kwartaal van 1989 tot by die vlakke daarvan aan die einde van Junie en Julie 1990 het onderskeidelik 13,8 persent en 13,5 persent beloop.

Die groeikoers van M3 oor twaalf maande het per saldo van sy konjunkturele hoogtepunt van 27,5 persent in Augustus 1988 tot 'n meer onlangse hoogtepunt van 23,5 persent in Januarie 1990 en tot 19,1, 16,6 en 15,8 persent in Mei, Junie en Julie 1990 afgeneem. Laasgenoemde drietal koerse het gevolg op 'n tydperk van 26 maande (beginnende in Maart 1988) waartydens die groei in M3 oor periodes van twaalf maande nooit minder as 20 persent beloop het nie.

Die koers van toename in M3 van *kwartaal tot kwartaal* het, ná seisoensaansuiwing en teen 'n jaarkoers bereken, op min of meer soortgelyke wyse van sy sikliese hoogtepunt van 28,5 persent in die derde kwartaal van 1988 en van 'n meer onlangse hoogtepunt van 26,7 persent in die derde kwartaal van 1989, tot


12,2 persent in die tweede kwartaal van 1990 teruggesak. Hierdie mees onlangse stygingskoers was in werklikheid effens laer as die gelykydigheidsjaarkoers van toename van kwartaal tot kwartaal in die bruto binelandse produk teen heersende pryse. Die inkome-omloopsnelheid van M3, wat in die voorafgaande tien kwartale vanaf die vierde kwartaal van 1987 met gemiddeld 1,5 persent per kwartaal afgeneem het, het dienooreenkomstig in die tweede kwartaal van 1990 effens (naamlik met ongeveer 1 persent) toegeneem.

Die verlangsaming van die tempo van die monetêre uitbreiding vanaf die laaste deel van 1988 kon in die algemeen toegeskryf word aan die uitwerking van die meer beperkende beleidsmaatreëls van die owerhede, die afkoeling van die ekonomie en die inkrimping in die reële bruto binelandse produk en die finale binelandse vraag vanaf verskillende tydstippe in die loop van 1988 of 1989 en aan die afwaartse neiging van die verskillende inflasiekoerse ná die middel van 1989. Hierbenewens het die groter stabilitet van die nominale rentekoerse en die geleidelik wegsterwende verwagtings van verdere rentekoersverhogings egter beteken dat die druk om op grond van "spekulatiewe" oorwegings of om redes van egte likwiditeitsvoorkleur hoogs likwiede saldo's aan te hou, begin vervaag het; en 'n verslapping van die vraag na krediet, en van geldskeppende instellings se mededinging om deposito's, het vir hierdie instellings geleenthede geskep om hul depositokoerse relatief tot hulle uitleenkoerse te verlaag, soos hulle daarna gestref het om hul rentekoersmarges weer te verruim. Teenoor hierdie verskillende faktore wat 'n laer koers van monetêre uitbreiding in die hand werk, lyk dit egter waarskynlik dat die vraag na rentedraende deposito's tans in sekere mate ondersteun word deur die geleidelike verstewing van die *reële* renteverdienste op deposito's, *ná belasting*, veral wat die kleiner deposante betref. 'n Soortgelyke uitwerking kan verwag word van die verminderde lewenskragtigheid van die toestand op die aandelebeurs.


Nes die koerse van toename in M3, het die groeikoerse van die enger monetêre totale ook vanaf die laaste paar maande van 1988 'n dalende neiging getoon. In Julie 1990 het die groeikoers van M1A, M1 en M2 oor tydperke van twaalf maande onderskeidelik 13,6 persent, 15,0 persent en 18,2 persent beloop. Die vergelykenderwys lae groei in M1A (wat bestaan uit munte en note in omloop en uit die saldo's op tjek- en transmissierekeninge van private deposante wat nie monetêre instellings is nie) was 'n weerspieëeling van die verlangsaming van die groei in die nominale besteding en van die stygende reële opbrengste op ander vorms van geldbesit as M1A. Vir die grootste deel van die periode sedert April 1989 was die groeikoers van M1A soos gemeet oor twaalf maande slegs ongeveer die helfte so hoog as die toenamekoers in M3.

In teenstelling hiermee het die toenamekoers in die langtermyn-depositokomponent van M3 – wat sedert

Riglyne vir groei in M3



Monetêre totale



die laaste deel van 1987 op lae vlakke gebly het namate beleggers in 'n milieu van stygende rentekoerse en stygende rentekoersverwagtinge die minder geredelik hernieubare depositobeleggings vermy het – vanaf die einde van Maart 1990 tot die einde van Julie vinnig versnel. Die jaarkoers van toename in hierdie deposito's tussen hierdie twee maandeindes het nie minder nie as 34,9 persent beloop. Die groei in hierdie deposito's is ook verder gestimuleer deur die banke en bouverenigings se verhogings van hul langtermyn-depositokoerse in April 1990, toe die beleggersentiment reeds na verwagtings van toekomstige dalings en verlagings van die algemene patroon van die nominale rentekoerse omgeswaai het. 'n Eerste paar verlagings van die langtermyn-depositokoerse is in werklikheid reeds vanaf ongeveer die middel van 1990 deur die betrokke instellings aangebring.


Statisties (of rekeningkundig) beskou is die seisoensaangesuiwerde toename van R3,8 miljard in M3 vanaf die einde van Maart 1990 tot die einde van Junie meer as ten volle verklaar deur 'n toename van R8,3 miljard in die eise van die monetêre instellings teen die private sektor. Die netto eise teen die regeringsektor het tussen die betrokke twee kwartaaleindes met 'n seisoensaangesuiwerde R0,6 miljard toegeneem. Die seisoensaangesuiwerde netto goud- en ander buitelandse reserwes van die monetêre sektor, wat in die eerste kwartaal van 1990 met nie minder nie as R1,3 miljard toegeneem het, het in die voetspore van die kleiner oorskot op die lopende rekening en veral van die aansienlike terugbetelings op langtermyn- buitenlandse skuld, gedurende die tweede kwartaal met R0,8 miljard teruggesak.

Kredietverlening deur monetêre instellings

Die daling in die koers van toename in die monetêre instellings se totale krediet aan die private sektor vanaf laat in 1988 tot die middel van 1990 was min of meer van dieselfde omvang as die verlangsamming van die groekkoers in die M3-geldvoorraad. Die koers van toename in die monetêre sektor se totale eise teen die private sektor oor periodes van twaalf maande het van 30,2 persent in Oktober 1988 tot 20,6 persent in Desember 1989 en tot 18,7 persent in Junie 1990 teruggesak, maar het weer matig tot 20,0 persent in Julie versnel.

Die koers van toename van kwartaal tot kwartaal in die monetêre instellings se totale krediet aan die private sektor, seisoensaangesuiwerd en teen 'n jaarkoers bereken, het selfs nog meer opmerklik teruggesak, naamlik van 'n hoogtepunt van 33,2 persent in die vierde kwartaal van 1988 tot 22,8 persent in die vierde kwartaal van 1989 en tot 15,4 persent in die tweede kwartaal van 1990, namate die geleidelik verspreidende en verdiepende uitwerking van die onlangse en die huidige peil van die reële rentekoerse en van die verlangsamming van die ekonomiese afname in die inkrementele kredietvraag tot uiting gekom het.

Eise van monetêre instellings teen binnelandse private sektor



Binne die totaal van die monetêre instellings se eise teen die private sektor het "wissels verdiskontereer" in die twaalf maande tot die einde van Junie 1990 met 55,4 persent gestyg, namate die banke en die bouverenigings daarna gestreef het om hul likwiedebateporfeuljes te versterk of aan te vul. Huurkoop- en bruikhuurkrediet, en verbandvoorskotte, het met onderskeidelik 20,5 persent en 15,7 persent toegeneem. Beleggings in effekte van die private sektor het met nie minder nie as 44,4 persent gestyg, wat waarskynlik ten dele 'n weerspieëeling was van die feit dat die gebruik van hierdie effekte as die onderliggende waardebewyse by terugkoopooreenkomste 'n sywaartse verloop begin toon het. "Ander" lenings en voorskotte, wat grotendeels uit oortrokke rekenings bestaan, het met 18,9 persent toegeneem; die grootste deel van hierdie toename was in voorskotte aan maatskappye eerder as aan huishoudings of individue saamgetrek.

Die kwartaallikse toenames in die somtotaal van huurkoopkrediet en bruikhuurfinansiering (waarvan die veranderings nou aan toenames en afnames in die aankope van duursame verbruiksgoedere en in die vaste-investeringsbesteding verbondé is) het verlangsaam van ongeveer R1,4 miljard in elk van die eerste drie kwartale van 1989 tot R1,0 miljard in die laaste kwartaal van 1989 en tot R0,9 miljard en R1,1 miljard in

die eerste en die tweede kwartaal van 1990. Die kwartaallikse toenames in die monetêre instellings se totale verbandvoorskotte het van nagenoeg R2,5 miljard in elk van die eerste twee kwartale van 1989 teruggesak tot R1,8 miljard en R1,9 miljard in die daaropvolgende twee kwartale, maar het weer effens gestyg tot R2,1 miljard in elk van die eerste twee kwartale van 1990.

"Agterstallige" bedrae op die leningsrekening van debiteure van die private banke het van 'n baie lae 0,4 persent van die totale lenings en voorskotte aan die einde van Desember 1989 tot 0,5 persent aan die einde van Maart 1990 en tot 0,7 persent aan die einde van Junie gestyg. Dit kan vergelyk word met 'n vlak van hierdie verhouding van 2,3 persent aan die einde van Desember 1986 en dui daarop dat die finansiële ontberings wat deur die afgang van die ekonomie vanaf vroeg in 1989 tot die middel van 1990 veroorsaak is, oor die algemeen nog betreklik beperk gebly het.

Reserwebankoptrede op die geldmark

Die toestand op die geldmark, soos dit aan die hand van die mark se behoefté aan Reserwebankakkommodasie gemeet word, het sedert die begin van 1990 geleidelik verruim, maar het in vergelyking met die eerste sewe maande van 1989 nietemin nog stram gebly. Die gemiddelde daagliks vlak van die Bank se akkommodasie aan die mark by die diskontovenster het gestadig vanaf die hoogtepunt (in nominale bedrae) van R4,8 miljard wat dit in Januarie 1990 bereik het, tot R2,6 miljard in Junie 1990 teruggesak, maar weer tot R3,4 miljard in Julie gestyg. In Augustus het dit R2,8 miljard beloop. *Reëel* gesproke was die gemiddelde daagliks vlak van die akkommodasie aan die mark in Januarie 1990 egter nog steeds ietwat laer as die rekordbedrag wat in Julie 1984 aangeteken is.

Die bedrag van die akkommodasie by die diskontovenster oor *maandeindes* het van 'n ongeëwenaarde hoogtepunt van R5,5 miljard aan die einde van Januarie 1990 tot R3,6 miljard aan die einde van Mei afgeneem. Daarna het dit tot R4,3 miljard aan die einde van Junie gestyg voordat dit weer tot onderskeidelik R3,5 miljard en R3,1 miljard aan die einde van Julie en Augustus teruggesak het.

Rekeningkundig beskou kon die afwaartse neiging in die marktekorte gedurende die eerste en die tweede kwartaal van 1990 gedeeltelik verklaar word aan die hand van dalings in die saldo's van die regeringsektor by die Reserwebank vanaf die buitengewoon hoë vlakte wat hierdie saldo's in die begin van 1990 bereik het. Die maandelikse gemiddelde van die daagliks totale van die saldo's op die Skatkisrekening, die Betaalmeester-Generaalrekening en die Stabilisasierekening by die Reserwebank het van R12,1 miljard en R12,2 miljard in Januarie en Februarie 1990 tot R11,0 miljard in Maart, R9,9 miljard in April, R10,0 miljard in Mei en R8,6 miljard in Junie afgeneem. In Julie en Augustus het hierdie gemiddelde daagliks bedrae egter weer tot

onderskeidelik R10,1 miljard en R9,9 miljard gestyg.

Op 16 Julie 1990 is 'n bedrag van R2,0 miljard oorgedra van die Skatkisrekening na die nuutgestigte Onafhanklike Ontwikkelingstrust, wat aksies vir die maatskaplik-ekonomiese opheffing en ontwikkeling van verskillende bevolkingsgroepe van stapel sal stuur. Die uitwerking wat hierdie groot en skielike vrystelling van fondse uit die Regering se rekeninge potensieel op die geldmarktoestand kon gehad het, is egter deur verkope van staatseffekte en van skuldbewyse van openbare korporasies deur die Reserwebank en die Openbare Beleggingskommissarisie aan die Ontwikkelingstrust geneutraliseer. Die saldo op die Skatkis se *Stabilisasierekening* is sedert 29 Maart 1990 onveranderd gehou op R2,1 miljard.

Van Januarie tot Maart 1990 is 'n verruimende uitwerking op die geldmarktoestand ook uitgeoefen deur toenames in die Reserwebank se besit aan netto goud en ander buitelandse reserwes. 'n Effense afname in die Bank se netto buitelandse reserwes is egter gedurende die tweede kwartaal aangeteken. Die Bank se dollar-ruiloooreenkoms met die groter bankinstellings, wat vanaf 23 Februarie 1990 ingestel is met die doel om kontantreserwes wat die private bankstelsel (hoofsaaklik vanuit betalingsbalansbronne) bereik het, tydelik te steriliseer, is nog van tyd tot tyd gebruik as 'n gerieflike metode om die geldmarktoestand beleidsmatig te beïnvloed. Die totale bedrag van hierdie dollar-ruiloooreenkoms het in die middel van Mei 1990 'n hoogtepunt van R1,7 miljard bereik en het in die middel van Augustus R1,2 miljard beloop.

Die gemiddelde daaglikske bedrag aan note in omloop het van R8,1 miljard in Januarie 1990 tot R7,9 miljard in Februarie afgeneem. Daarna het dit gestadig tot R8,5 miljard in Julie 1990 en tot R8,7 miljard in Augustus 1990 gestyg.

Akkommodasie aan die banke in die vorm van oornaglenings by die diskontovenster oor maandeindes het van R0,8 miljard aan die einde van Mei tot R1,1 miljard aan die einde van Junie 1990 toegeneem. Oor die maandeindes van Julie en Augustus was dit egter nie nodig om op hierdie wyse bystand aan die mark te verskaf nie.

Die netto verkope van staatseffekte deur die Reserwebank het van April tot Junie 1990 in totaal R3,8 miljard beloop. In Julie en Augustus het sodanige verkope onderskeidelik R0,8 miljard en R0,9 miljard bedra. Die Bank het ook sy bedrywigheid in die opsiemark vir staatseffekte in opmerklike mate uitgebrei. Gedurende Julie het die Bank se transaksies in verhandelbare opsiekontrakte byvoorbeeld byna R0,8 miljard beloop.


Die bedrag aan skatkiswissels wat by die weeklikse tender aangebied word, is vanaf 11 Mei 1990 tot R70 miljoen, vanaf 15 Junie tot R100 miljoen en vanaf 24 Augustus 1990 tot R120 miljoen verhoog. Die bedrag aan uitstaande skatkiswissels het van slegs R247 miljoen op 11 Mei 1990 tot R1 104 miljoen op 17 Augustus 1990 toegeneem.

Geldmarkrentekoerse


Ná die verhoging van die Bankkoers (tot 18 persent) op 11 Oktober 1989 (en die gelykydige verhoging van die Reserwebank se herdiskonteringskoers vir likwiede bankaksepte van drie maande tot 18,30 persent) het die markkoers op likwiede bankaksepte tussen 'n hoogtepunt van 18,80 persent op 18 November 1989 en 18,30 persent op 6 Julie 1990 geskommel. Namate die mark in stygende mate begin verwag het dat die Bankkoers en die Reserwebank se verwante akkommodasiekoerse binne die eersvolgende paar maande verlaag sou word, het die markkoers op likwiede bankaksepte vanaf ongeveer 7 Julie 1990 tot onder 18,30 persent teruggesak en vanaf 17 Augustus tot onder die Bankkoers gedaal. Dit was die eerste sodanige negatiewe differensiaal tussen die aksepkoers en die Bankkoers sedert die laaste paar dae van 1987. Op 12 September 1990 het die markkoers op likwiede bankaksepte van drie maande 'n laagtepunt van 17,80 persent bereik.

In sy Presidentsrede by die Reserwebank se Algemene Jaarvergadering van aandeelhouers op 28 Augustus 1990 het die President verklaar dat, ofskoon die tyd vir 'n verslapping van die monetêre beleid na sy mening nader begin kom het, die regte oomblik vir so 'n beleidsverandering nog nie aangebreek het nie. In die middel van September 1990 was die "gemiddelde" verwagting van die mark ten aansien van toekomstige rentekoersbewegings, soos dit in die genoteerde koerse in termynkontrakte vir likwiede bankaksepte van drie maande weerspieël is, dat die koers op likwiede bankaksepte teen November 1990 tot 17,08 persent bereik.

Korttermynrentekoerse



Die prima-oortrekkingskoers en twaalftmaande-inflasie in verbruikerspryse



sent en teen Februarie 1991 tot 16,12 persent sou daal.

Die diskontohuise se daggeldkoers het aanmerklik van 21,25 persent aan die einde van Junie 1990 tot 20,25 persent aan die einde van Julie en tot slegs 19,00 persent aan die einde van Augustus gedaal. Leen-deponering ("round-tripping") kon egter aan die einde van Junie nog steeds deur die positiewe differensiaal tussen die daggeldkoers en die primakoers uitgelok gewees het.

'n Vergelyking oor die afgelope veertig jaar van die prima-oortrekkingskoers van die Suid-Afrikaanse handelsbanké met die koers van die inflasie in die verbruikerspryse oor periodes van twaalf maande toon dat, in teenstelling met die eerste drie-en-twintig jaar van hierdie tydperk, die prima-uitleenkoers sedert 1973 reëel gesproke nooit vir meer as ongeveer $2\frac{1}{2}$ jaar ná mekaar betekenisvol positief was nie. Daar is eers betreklik onlangs na behore erkenning gegee aan die feit dat die negatiewe reële rentekoerse wat skynbaar deur regstreekse krediet- en deviesebeheer, deur swewing van die wisselkoers en/of deur die stewigheid van die betalingsbalans onder invloed van die hoë dollarprys van goud in die goud-boom-jare 1973-75 en 1979-81, prakties moontlik en toelaatbaar gemaak is (en wat skynbaar herhaaldelik nodig was om die binnelandse ekonomie weer aan te wakker), ook 'n faktor was wat

daartoe bygedra het dat verskeie langtermynprobleme en strukturele tekortkomings in die Suid-Afrikaanse ekonomie ontwikkel het. Die behoefte daaraan om hierdie tekortkominge reg te stel is 'n argument in die pleidooi vir rentekoerse wat reëel gesproke onder nagenoeg alle denkbare omstandighede positief sal wees.

Kapitaalmarkgebeure

Die handelsbedrywigheid op die sekondêre kapitaalmarkte, wat in die eerste kwartaal van 1990 tot heel buitengewone hoogtes gestyg het, het gedurende die tweede kwartaal skerp teruggesak. Afnames is ook in die totale omvang van die transaksies in vaste eiendom aangeteken, terwyl die aandelepryse verder verswak het nadat die effektebeurs vanaf ongeveer Maart 1990 'n meer weifelende voorkoms begin toon het. Op die *primäre* markte het die bedrag aan nuwe uitgiftes van effekte gedurende die tweede kwartaal daarenteen betekenisvol toegeneem nadat dit gedurende die voorafgaande drie maande aansienlik gedaal het.

Die waarde van die *effekte van die openbare sektor* wat op die effektebeurs verhandel is, het van R58,1 miljard in die vierde kwartaal van 1989 tot 'n geheel en al ongeëwenaarde R77,3 miljard in die eerste kwartaal van 1990 gestyg, maar het in die tweede kwartaal weer

met 'n merkwaardige 35 persent tot R50,2 miljard terugval. Op sy vlak van R19,3 miljard was die waarde van hierdie transaksies in Julie egter weer betekenisvol hoër as die gemiddelde *maandelikse* omset van R16,7 miljard wat van April tot Junie in effekte van die openbare sektor aangeteken is.

Die dalende vlak van die handelsbedrywigheid in *effekte van die openbare sektor* in die tweede kwartaal van 1990 kon in geringe mate toegeskryf word aan die afnemende netto aankope van sodanige effekte deur buitelanders, op die Johannesburgse Effektebeurs wat van R883 miljoen in die vierde kwartaal van 1989 tot R705 miljoen in die eerste kwartaal van 1990 en tot slegs R296 miljoen in die tweede kwartaal afgeneem het. Hierdie bedrag het vervolgens egter weer van 'n maandelikse gemiddelde van R97 miljoen gedurende die periode April tot Junie tot R190 miljoen in Julie 1990 herstel.

Die waarde van die *aandele* wat op die effektebeurs verhandel is, wat van die toenmalige rekordvlak van R6,2 miljard in die vierde kwartaal van 1989 tot 'n nuwe rekordvlak van R8,6 miljard in die eerste kwartaal van 1990 toegeneem het, het in die tweede kwartaal met 36 persent tot R5,5 miljard teruggesak. In teenstelling met die omset op die mark vir die effekte van die openbare sektor, het die bedrag van die verhandelde aandele daarná egter ietwat verder ingekrimp, naamlik van 'n maandelikse gemiddelde van ongeveer R1,8 miljard in die tweede kwartaal tot R1,7 miljard in Julie.

Die waarde van die netto *verkope* van aandele deur nie-inwoners op die Johannesburgse Effektebeurs het sy hoogtepunt eers in die eerste kwartaal van 1990 bereik. Die bedrag van hierdie verkope het van R518 miljoen in die vierde kwartaal van 1989 tot nie minder nie as R2 832 miljoen in die eerste kwartaal van 1990 gestyg maar het in die tweede kwartaal van 1990 skerp teruggesak, naamlik tot R803 miljoen of tot 'n maandelikse gemiddelde van sowat R268 miljoen. Daarná het dit in Julie selfs nog verder gedaal, naamlik tot slegs R118 miljoen.


Die feit dat nie-inwoners se netto *verkope* van aandele in die eerste sewe maande van 1990 vinniger as hul netto *aankope* van effekte van die openbare sektor verskrompel het, het meegebring dat nie-inwoners se totale netto verkope van sowel aandele as effekte skerp gedaal het van R2 127 miljoen in die eerste kwartaal van 1990 tot slegs R506 miljoen in die tweede kwartaal; hierdie netto *verkope* het vervolgens in Julie na netto *aankope* van R72 miljoen omgeswai (teenoor netto aankope in die vierde kwartaal van 1989 ten bedrae van R365 miljoen).

Meer in die algemeen beskou het die afname in die transaksies in effekte van die openbare sektor en in maatskappyaandele gedurende die tweede kwartaal van 1990 'n terugkeer beteken na meer normale en handhaafbare vlakke van die handelsbedrywigheid, nadat die betrokke transaksies gedurende die eerste

kwartaal so 'n koorsagtige opwelling getoon het. Dit wil voorkom asof 'n groot deel van hierdie algemene afname in die handelsbedrywigheid toegeskryf kan word aan die feit dat die herskommelings van portefeuilles (hoofsaaklik wegbewegings uit effekte van die openbare sektor ten gunste van aandele) deur verskeraars en pensioenfondse in reaksie op die nuwe reëls met betrekking tot maksimum perke op hul beleggings, sowel as die teenoorgeselde omskakelings deur nie-inwoners van aandele na effekte van die openbare sektor waarop hoér opbrengste verdien kan word, nou grotendeels hul beloop geneem het. Hierbenewens is die uitbundigheid wat die bedrywigheid van die handel in aandele gedurende die eerste kwartaal van 1990 gekenmerk het, ook gedemp deur dalings in die dollarprys van goud in Maart, Mei en Junie, en deur die invloed wat hierdie dalings op die prys van goudmynaandele, ander aandelepryse en die gemoedstoestand op die mark uitgeoefen het.

Die gemiddelde *prysvlak* van alle klasse aandele, wat in die vierde kwartaal van 1989 met 7 persent gestyg het, het in die eerste kwartaal van 1990 met 'n

JE-Aktuarisse-prysindekse vir aandele en goudprys



verdere 4 persent verbeter maar in die tweede kwartaal met 7 persent gedaal. Dit was die tweede-grootste prysdaling in 'n enkele kalenderkwartaal sedert die prysneenstorting van Oktober 1987 (wat toentertyd meegebring het dat die gemiddelde prysvlak van alle aandele in die vierde kwartaal van 1987 met 33 persent gedaal het), maar is nog steeds deur die prysdaling van 10 persent in die eerste kwartaal van 1988 oortref. In Junie 1990 was die maandelikse gemiddelde prysvlak van alle klasse aandele 8 persent laer as by die jongste hoogtepunt daarvan in Februarie 1990.

Die gemiddelde prysvlak van *goudmynaandele* het in Januarie 1990 'n hoogtepunt bereik, maar het daarna geleidelik met 'n totaal van 35 persent teruggesak tot op 'n peil in Junie 1990 wat 42 persent laer was as die historiese hoogtepunt waarop hierdie pryse in Augustus 1987 te staan gekom het. Die pryse van goudmynaandele het egter in Julie-Augustus 1990 met 24 persent herstel in reaksie op die verstewiging van die dollarprys van goud, veral nadat Irak Koeweit op 2 Augustus 1990 binnegeval het.

Die gemiddelde prysvlak van *finansiële aandele* het eers in Maart 1990 op die hoogste punt gekom wat dit tot dusver in 1990 bereik het. Die pryse van finansiële aandele het in die eerste kwartaal van 1990 met 8 persent gestyg, in die tweede kwartaal met 3 persent gedaal, maar in Julie weer met 2 persent gestyg. Die pryse van *nywerheids- en handelsaandele* het in Februarie 1990 'n hoogtepunt bereik maar in die tweede kwartaal met 2 persent en in Julie met 1 persent teruggesak.

Die maandelikse totale waarde van die transaksies in *termynkontrakte* het in Mei, Junie en Julie 1990 onderskeidelik op bykans R2,3 miljard, R2,3 miljard en nageenoeg R2,0 miljard te staan gekom. Daarna het die bedrag van hierdie transaksies in Augustus skerp en skielik (naamlik met 59 persent) tot meer as R3,1 miljard toegeneem, en wel hoofsaaklik in reaksie op die onsekerheid wat deur die krisistoestand in die gebied rondom die Persiese Golf veroorsaak is.

In die *primêre kapitaalmarkte* het die bedrag aan fondse wat deur leners in die openbare sektor deur die uitreiking van nuwe vaste-rentedraende effekte aan bank- en nie-bankbeleggers in die private sektor opgeneem is, van 'n netto *terugbetaling* van skuld van R0,8 miljard in die vierde kwartaal van 1989 na netto nuwe leningsopnames ten bedrae van onderskeidelik R0,4 miljard en R5,3 miljard in die eerste en die tweede kwartaal van 1990 omgeswaai. Maatskappye in die *private sektor*, wat in die eerste kwartaal van 1990 nuwe vaste-rentedraende effekte uitgereik het tot 'n bedrag van slegs R60 miljoen, het in die tweede kwartaal R109 miljoen op hierdie wyse opgeneem. Hierbenewens het maatskappye wat op die effektebeurs genoteer is, ook die bedrae van nuwe uitgiftes van gewone aandelekapitaal van slegs R0,3 miljard in die eerste kwartaal van 1990 tot R2,2 miljard in die tweede kwartaal opgestoot. Laasgenoemde totaal het drie groot individuele

uitgiftes van onderskeidelik R0,8 miljard, R0,6 miljard en R0,4 miljard ingesluit.


In die *verbandmark* het die verbandlenings deur bouverenigings uitbetaal, wat in die derde en die vierde kwartaal van 1989 tot R1,4 miljard en R1,5 miljard gedaal het, geleidelik tot 'n vlak van R1,8 miljard in sowel die eerste as die tweede kwartaal van 1990 toegeneem. Die toename in die bouverenigings se *besit aan verbandlenings*, wat in sowel die derde as die vierde kwartaal van 1989 R0,5 miljard bedra het, het tot R0,7 miljard in die eerste kwartaal van 1990 en R0,8 miljard in die tweede kwartaal gestyg. Die toename in die *bankinstellings* se besit aan verbandlenings het egter effens afgeneem van R1,3 miljard in die vierde kwartaal van 1989 tot R1,2 miljard in die eerste kwartaal van 1990, en vervolgens selfs nog verder ingekrimp tot R0,9 miljard in die tweede kwartaal.

Die waarde van die *transaksies in vaste eiendom* het van sy vorige rekordvlak van R5,7 miljard in die vierde kwartaal van 1989 tot 'n nuwe hoogtepunt van R6,2 miljard in die eerste kwartaal van 1990 gestyg, maar het in die tweede kwartaal van 1990 weer R5,7 miljard beloop.


Opbrengs- en rentekoerse op die kapitaalmark

Die koerse op die kapitaalmark, wat vanaf ongeveer Februarie 1990 'n stygende verloop getoon het, het gedurende Julie en Augustus effens gedaal in die algemene milieu van verwagtings van dalende korttermynrentekoerse, verbeterings van die inflasiekoerse, die effens beter dollarprys van goud in Julie, en amptelike pogings om die verhandelbaarheid van staatseffekte te verhoog. Die gemiddelde maandelikse opbrengskoers op langtermynstaatseffekte, wat betreklik skerp van 16,9 persent in Oktober 1989 tot 15,5 persent in Januarie 1990 gedaal het, het in Junie na 16,7 persent teruggekeer. Daarna het dit effens gedaal tot 16,4 persent in Julie 1990 en 16,3 persent in Augustus.

Transaksies in vaste eiendom



Kapitaalmarkrente- en opbrengskoerse



1990, voordat dit in Julie weer tot 15,1 persent en in Augustus tot 15,2 persent herstel het.

Die bouverenigings se mees algemene koers op behuingsverbandlenings, wat in Oktober 1989 van die vorigevlak van 19,75 persent tot 20,75 persent verhoog is, is tot in September 1990 op hierdie nuwevlak gehandhaaf – die langste tydperk waarin daar geen verandering aangebring is nie sedert die periode Oktober 1975-Maart 1979. Die oorheersende koers op *depositos van twaalf maande* by die banke en bouverenigings, wat as verteenwoordigend van depositokoerse in die algemeen beskou word, is in Oktober 1989 van 16,5 tot 17,0 persent en in April 1990 tot 18,0 persent verhoog. In Augustus 1990 is hierdie koers egter tot 17,0 persent verlaag as deel van hierdie instellings se pogings om in 'n ietwat gemakliker kredietvraagsituasie, ietwat meer gerieflike rentekoermarges te bewerkstellig.

Die maksimum toelaatbare finansieringskostekoerse, soos dit kragtens die Woekerwet vasgestel word, is om tegniese redes met ingang van 27 Julie 1990 in die geval van geldlenings-, krediet- en bruikhuurtransaksies vir bedrae van meer as R6 000 (maar nie meer as R500 000 nie) van 30 tot 29 persent en in die geval van transaksies tot en met R6 000 van 33 tot 32 persent verlaag.

Die koerse op *belastingvrye beleggings* by die bouverenigings, die Posspaarbank en die Tesourie is in Maart 1990 met 1,5 persent verhoog. Hierdie verhoging is gedeeltelik aangebring as vergoeding vir die eerste stap in die geleidelike uitfasering (teen 20 persent per jaar oor 'n tydperk van vyf jaar) van die belastingvrye status van die rente wat op hierdie beleggings verdien word. Die huidige rentekoers van 11,5 persent op Posspaarbank-spaarsertifikate en op belastingvrye deposito's en subskripsie-aandele by die bouverenigings kan met 'n koers van 9,5 persent in November 1989 vergelyk word.

Die *reële* opbrengskoers op langtermynstaatseffekte (dit wil sê die nominale koers ná aansuiwing vir die heersende inflasiekoers van jaar tot jaar), wat in November 1988 'n hoogtepunt van 3,9 persent bereik het, het betreklik gestadig maar sterk tot slegs 0,3 persent in Januarie 1990 teruggesak. Daarna het die stygings in die nominale opbrengskoers op langtermynstaatseffekte tot in Junie, en die daling in die inflasiekoers, egter meegebring dat hierdie koers weer na 2,7 persent in Julie 1990 teruggekeer het.

Die maandelikse gemiddelde *dividendopbrengskoers* op alle klasse aandele het, as die spieëlbewind van die verswakkings van die algemene aandelepryspeil in die tweede kwartaal van 1990, van 5,3 persent in Maart 1990 tot 5,6 persent in Julie verstewig; in Augustus het dit op hierdievlak gebly. Die gemiddelde *verdiensteopbrengskoers* op alle klasse aandele (uitgesonderd goudmynaandele) het afgeneem van 15,4 persent in Desember 1989 tot 14,5 persent in Junie



Staatsfinansies

Skatkisuitreikings


Die verandering in die skatkisuitreikings aan die verskillende departemente van die Sentrale Regering (ná die gebruiklike aansuiwering vir veranderings in die saldo op die Betaalmeester-Generalrekening) het, in vergelyking met die ooreenstemmende kwartaal van die vorige fiskale jaar, van 'n werklike afname van 1,0 persent in die laaste of Maart-kwartaal van die fiskale jaar 1989/90 na 'n toename van 12,6 persent in die eerste of Junie-kwartaal van die fiskale jaar 1990/91 omgeswaai. Die persentsgewyse toename in hierdie uitreikings oor vier kwartale was in die Junie-kwartaal van 1990 dus effens hoër as die begrote toename van 11,9 persent vir die fiskale jaar 1990/91 in sy geheel.

In Julie-Augustus 1990, en met name in Augustus, het die koers van toename in die skatkisuitreikings aan staatsdepartemente in vergelyking met Julie-Augustus in die vorige jaar aansienlik gestyg. As gevolg hiervan was hierdie uitreikings in die eerste vyf maande van die fiskale jaar 1990/91 17,0 persent hoër as in die eerste vyf maande van die fiskale jaar 1989/90.

Skatkisrekening



Skatkisontvangste en -uitreikings



Die gepubliseerde gegewens vir die *totale* skatkisuitreikings in Julie 1990 sluit egter ook die betaling in van R2,0 miljard aan die Onafhanklike Ontwikkelingstrust (OOT), wat gestig is met die uitdruklike doel om programme en aksies in te stel vir die maatskaplik-ekonomiese opheffing en ontwikkeling van die land se verskillende bevolkingsgroepes. Hierdie besteding is uit die Staat se financieringsoorskot van die fiskale jaar 1989/90 befonds en is nie by die Staat se begrotingsramings van die staatsbesteding in 1990/91 ingesluit nie. Wanneer hierdie bedrag van R2,0 miljard aan die skatkisuitreikings aan staatsdepartemente in die eerste vyf maande van die fiskale jaar 1990/91 toegevoeg word, styg die koers van toename in hierdie uitreikings gedurende die betrokke vyf maande teenoor dieselfde vyf maande in 1989/90 tot 24,4 persent.

Reëel gesproke het die verandering oor twaalf maande in die skatkisuitreikings aan *staatsdepartemente* gedurende die periode April-Augustus 1990 op 'n toename van 2,9 persent te staan gekom. Die insluiting van die uitreiking van R2,0 miljard aan die OOT het tot gevolg dat die koers van toename in die reële bedrag van die skatkisuitreikings gedurende hierdie tydperk teenoor dieselfde periode in 1989/90 tot 9,4 persent styg. Afhangende van die tempo waarteen hierdie fondse deur die OOT bestee gaan word, kan die uitwerking van die fiskale beleid op die ekonomie op die

kort termyn dus meer ekspansionisties wees as wat verwag is.

Skatkisontvangste

Die koers van toename oor vier kwartale in die skatkisontvangste het van 27,2 persent in die Maart-kwartaal van 1990 tot 19,1 persent in die Junie-kwartaal afneem. Daarna het hierdie koers van toename in Julie 'n effense verdere verlangsaming en in Augustus 'n meer opmerklike afname getoon – laasgenoemde as gevolg van laer ontvangste aan inkomstebelasting uit die goudmynboubedryf. Die totale ontvangste in die eerste vyf maande van die fiskale jaar 1990/91 was gevoldiglik 15,0 persent hoër as in die ooreenstemmende periode van die fiskale jaar 1989/90.

Die koers van toename van 15,0 persent in die skatkisontvangste in die eerste vyf maande van die fiskale jaar 1990/91 was aanmerklik hoër as die toename van 5,8 persent in die staatsinkomste wat in die Begroting van Maart 1990 vir die fiskale jaar in sy geheel in die vooruitsig gestel is. Reëel gesproke het die toename in die skatkisontvangste gedurende die vyf maande tot Augustus 1990 in vergelyking met dieselfde periode in 1989 1,2 persent beloop.

Die onverwagte sterkte van die skatkisontvangste in die eerste vyf maande van die fiskale jaar 1990/91 kon hoofsaaklik toegeskryf word aan onverwagte groot toenames in die ontvangste aan inkomstebelasting vanaf individue en maatskappye. Die ontvangste aan

doeane- en aksynsregte en uit die bo-belasting op invoergoedere was gedurende hierdie periode ook groter as volgens die Begrotingsverwagtings vir die fiskale jaar in sy geheel. Die koers van toename in die ontvangste uit die brandstofheffing en uit die algemene verkoopbelasting was gedurende die vyf maande tot Augustus 1990 egter laer as wat in die Begrotingsramings vir die huidige fiskale jaar voorsien is. Dit was grotendeels 'n weerspieëeling van die algemene verlangsaming van die binnelandse ekonomiese bedrywigheid.

Tekort voor lenings



Die tekort voor lenings en skuldaflossings op die Skatkisrekening het in die eerste vyf maande van die fiskale jaar 1990/91 R7 126 miljoen bedra, wat R3 132 miljoen meer was as in die ooreenstemmende tydperk in die fiskale jaar 1989/90. Op hierdie vlak was die kumulatiewe tekort vir die vyf maande tot Augustus 1990 gelyk aan 89 persent van die tekort van R7 994 miljoen wat in die Begroting van Maart 1990 vir die fiskale jaar in sy geheel in die vooruitsig gestel is. Indien die betaling aan die Onafhanklike Ontwikkelingstrust nie as 'n skatkisuitreiking beskou word nie, het die kumulatiewe tekort van April tot Augustus 1990 R5 126 miljoen, of 64 persent van die begrote tekort vir die fiskale jaar, bedra. Die skatkisrekeningtekort van R4 856 miljoen vir die vier maande tot Julie 1990, plus die diskonto van R1 670 miljoen op nuwe uitgifte van staatseffekte (in totaal dus R6 526 miljoen), is uit die volgende bronne gefinansier:

	R miljoene
Openbare Beleggingskommissaris...	-970
Nie-bank- private sektor	6 726
Banksektor:	
Korporasie vir Openbare Deposito's	-581
Ander banke	1 403
Buitelandse sektor	-52
Totaal	6 526

Die skuldinstrumente en beschikbare kontantsaldo's wat aangewend is om die tekort van R7 126 miljoen vir die eerste vyf maande van die fiskale jaar 1990/91 te finansier, was soos volg:

	R miljoene
Staatseffekte	7 917
Skatkiswissels	719
Nie-bemarkbare lenings	-88
Buitelandse lenings	-24
Aanwending van kontantsaldo's	696
Totale bruto finansiering	9 220
Min: Diskonto op nuwe effekte-uitgifte	2 094
 Totale netto finansiering (= tekort op skatkisrekening)	 7 126

Algemene verkoopbelasting en bruto binnelandse besteding



Aantekeninge oor inflasie*

Tweesyferinflasie in die verbruikerspryse van jaar tot jaar – dit wil sê stygings in die jaarlikse gemiddelde vlak van die verbruikerspryse wat van een jaar na die volgende meer as 10 persent beloop – was van 1974 tot 1989 sonder onderbreking 'n verontrustende, ongesonde en onaangename kenmerk van die Suid-Afrikaanse ekonomie. Gedurende hierdie periode van ses-tien jaar het die Suid-Afrikaanse verbruikerspryse teen 'n gemiddelde jaarkoers van byna 13,6 persent gestyg. Die gevolg hiervan was dat die gemiddelde artikel op die inkopielys van die gemiddelde Suid-Afrikaanse huishouding in geld uitgedruk in 1989 ongeveer 7,7 keer so duur was as in 1973. Met een honderd rand van die gemiddelde huishouding se gesinsinkome kon in 1989 net so veel – of net so min – gekoop word as met R13,02 in 1973.

Om redes waarop hieronder ingegaan word, word tans algemeen aanvaar dat langdurige inflasie – op watter peil ook al, maar beslis teen koerse wat met twee syfers geskryf word – negatief inwerk op die mees effektiewe aanwending van die produktiewe hulbronne van die ekonomie, ekonomiese groei en ontwikkeling belemmer, en gevoglik ook die volk se materiële welsyn verminder. Hierbenewens is langdurige inflasie ook 'n aanhouende bron van irritasie, gegriefheid, slegte gevoelens en wrywing tussen verskillende maatskaplike groepe.

Dat inflasie 'n euwel is, is by talryke geleenthede deur die Suid-Afrikaanse monetêre en fiskale owerhede erken. Dit is dus nie verbasend nie dat die De Kock-Kommissie in sy *Finale Verslag* (getiteld *Die Monetêre Stelsel en Monetêre Beleid in Suid-Afrika*), wat in Mei 1985 ingedien is, verklaar het dat "die hoofdoelstelling van monetêre beleid in Suid-Afrika op lang termyn die handhawing van redelike stabiliteit van die binnelandse pryspeil moet wees."¹ Ooreenkomsdig hierdie en verwante aanbevelings in die Kommissie se *Verslag*, bepaal Artikel 3 van die nuwe Wet op die Suid-Afrikaanse Reserwebank, 1989 (Wet nr. 90 van 1989), wat op 1 Augustus 1989 in werking getree het, dat die nastrewing van monetêre stabiliteit en gebalanceerde ekonomiese groei by die Bank se uitoefening van sy bevoegdhede en die verrigting van sy pligte die Bank se primêre oogmerke moet wees.

Kort ná die promulgering van die nuwe Reserwebankwet het die huidige President van die Reserwebank, dr. C.L. Stals, op 29 Augustus 1989 in sy eerste Presidentsrede voor die Bank se aandeelhouers verklaar dat die tyd nou geleë was om "in alle erns" 'n aanslag teen inflasie "van stapel te stuur". Hierdie aanslag sou oor 'n wye front geloods word, maar 'n paslik beperkende monetêre en fiskale beleid sou aan die voorpunt daarvan staan. Sedert Augustus 1989 is die Reserwebank se rentekoers- en verwante beleidsmaatreëls derhalwe sterker, meer uitdrukliek en meer konsekwent as wat voorheen die geval was, gebaseer op die behoefté, soos die Bank dit ervaar, om die inflasiekragte in die Suid-Afrikaanse ekonomie die hoof te bied.

Teen die agtergrond van hierdie beleidsgerigtheid beoog die hieronder volgende "aantekeninge" oor inflasie om – op 'n betreklik nie-tegniese wyse, en met die bedoeling om in herinnering te roep, in te lig en te verduidelik eerder as om 'n polemiek uit te lok – 'n aantal van die feite omtrent en eienskappe van inflasie soos dit hom in die na-oorlogse tydperk in Suid-Afrika voorgedaan het, geordend byeen te bring. Die inleidende paragrawe begin met 'n definisie van inflasie. Daaropvolgende paragrawe gaan kortliks na wat die omvang en die verloop van inflasie sedert 1946 in Suid-Afrika was en vestig die aandag op die verwantskap tussen inflasie in Suid-Afrika, inflasie in die ekonomiese van Suid-Afrika se belangrikste internationale handelsvennote en die effektiewe wisselkoers van die rand.

Getuienis word aangebied wat daarop duï dat die ekonomiese groei inderdaad wel ongunstig deur langdurige inflasie geraak word, en redes word aangevoer waarom verwag kan word dat inflasie die werkverrigting van die ekonomie verswak en die ekonomiese groei en ontwikkeling nadelig beïnvloed. Vervolgens word beredeneer dat, wat die oorsake van stygings in die algemene pryspeil ook al mag wees, inflasie "altyd en orals 'n monetêre verskynsel is": inflasies wat tereg as sodanig beskryf word, sal normaalweg nie voorkom by afwesigheid van "oormatige" groei in die geldhoeveelheid nie, en die inflasiekoerse wat waargeneem word, hou hulle oor 'n tydperk van jare nou by die koerse van toename in die relatiewe geldvoorraad.

In die loop van hierdie uiteensetting word gekonstaar dat terwyl 'n beteueling van die groei in die geldvoorraad noodwendig 'n deel moet uitmaak van enige omvattende en suksesvolle anti-inflasiestrategie, 'n verlaging van die tempo van die monetêre uitbreiding selde of nooit 'n heeltemal pynlose taakstelling sal wees. Monetêre "mikpunte" (of "riglyne") kan ingestel word met die doel om finansiële discipline te vergemaklik of te versterk; sekere strukturele eienskappe van die ekonomiese stelsel – waarvan minstens een skynbaar in 'n ongewoon hoë mate in die Suid-Afrikaanse finansiële milieu teenwoordig is – kan egter

* Hierdie artikel is corspronklik in Engels geskryf deur dr J.H. Meijer. Waardevolle hulp by die voorbereiding daarvan is egter ontvang van ander lede van die Departement Ekonomie van die Reserwebank, en welveral van mnr B.L. de Jager (wat 'n vroeëre konsep van "aantekeninge" oor inflasie opgestel het) en van mnr W.S. Pretorius, dr B.E. van der Walt en mnr P.J. Weideman van die Afdeling Konjunktuurstudies van die Departement. Hulp in die vorm van waardevolle kommentaar en voorstelle wat van verskeie ander personeellede van die Reserwebank ontvang is, word eweneens met dank erken.

¹ Republiek van Suid-Afrika, Kommissie van Ondersoek na die Monetêre Stelsel en Monetêre Beleid in Suid-Afrika: *Die Monetêre Stelsel en Monetêre Beleid in Suid-Afrika* (Finale Verslag), RP70/1984, Staatsdrukker, Pretoria, 1985, par. 13.22.

maak dat 'n mikpuntstellingsprogram sowel ingewikkelter as moeiliker uitvoerbaar is as wat dit met die eerste oogopslag mag lyk.

Die definisie van inflasie


Inflasie word die beste beskryf as 'n *volgehoue* styging in die *algemene* pryspeil. Die sleutelwoorde in hierdie definisie is "volgehoue", "styging" en "algemene peil": inflasie het betrekking op die *proses* of *prosesse* van prysstygings eerder as op 'n *toestand* van "hoë" prys (wat in elk geval moeilik sou wees om sinvol te omskryf). Wanneer inflasie op hierdie wyse gedefinieer word, blyk dat dit *slegs* uitgeken kan word deur oor 'n betreklik lang periode die veranderings in een of ander samevattende meting van 'n *aantal* prys dop te hou, en nie deur slegs te kyk na veranderings in die prys van een enkele, spesifieke, soort handelsware, diens of artikel nie.

Verskeie opmerkings kan na aanleiding van hierdie definisie gemaak word. In die eerste plek kan inflasiekoers met betrekking tot 'n verskeidenheid *stelle* (of versamelings) goedere en dienste gemeet word. Verskillende stelle goedere en dienste, die prys daarvan en veranderings in die prys daarvan sal vir verskillende groepe persone of besluitnemers in die ekonomiese belang wees. Die meting van inflasiekoers met betrekking tot verskillende stelle goedere en dienste kan

ook van hulp wees by die ontleding van die oorsake en bronse van inflasie in die algemeen en kan moontlik lig werp op die aard en die dinamika van die inflasieproses. In Suid-Afrika bestaan die belangriker prysindeks wat gebruik word om die inflasie te meet uit die indekse vir die prys van ingevoerde goedere en van binnelands geproduseerde goedere, die totale produksieprysindeks en die verbruikersprysindeks.

In die tweede plek het inflasie betrekking op die koers van styging in die *gemiddelde* (normaalweg 'n *geweegde* gemiddelde) van die prys van die goedere en dienste wat by die betrokke prysindeks of -indekse ingesluit is. Hoewel inflasie gewoonlik beteken dat al die, of die meeste, prys wat by 'n sekere prysindeks ingesluit is, besig is om gelykydig op te beweeg, hoef dit nie die geval te wees nie, en al die prys wat deur 'n sekere prysindeks omvat word, hoef oor enige gegewe periode ook geensins in dieselfde verhouding of in dieselfde mate te styg nie. Namate goedere en dienste *in die algemeen* in geld uitgedruk duurder word, kan sekere goedere en dienste nog steeds in *vergelyking met ander goedere en dienste* of duur of goedkoop word. Inflasie laat dus normaalweg nog steeds *relatiewe* prysveranderings toe (wat gewoonlik "'n goeie ding" sal wees), en sal hoogswaarskynlik ook self sekere relatiewe prysveranderings voortbring (waarvan dit minder waarskynlik is dat dit "'n goeie ding" is).

Grafiek 1: Veranderings in verbruikerspryse



In die derde plek is gestel dat inflasie 'n *volgehoue* styging van die algemene pryspeil is. 'n Suiwer tydelike styging in die pryspeil wat spoedig weer in trurat gaan, of 'n eenmalige styging in die pryspeil oor 'n betreklik kort periode, sal normaalweg nie as inflasie beskou word nie.

Ten slotte het die omskrywing wat hierbo verskaf is, niks te sê oor die *oorsaak* of oorsake van inflasie nie. Vanweë hierdie stelswee bevat die definisie ook geen wenke oor die wyse waarop inflasie bekamp of onder beheer gebring kan of behoort te word nie. Meer tendensieuse definisies kan egter ook opgestel word. Inflasie kan byvoorbeeld gedefinieer word – gewoonlik deur persone wat aanhangers is van een of ander besondere skool van ekonomiese denke – as bestaande uit prysstygings wat die gevolg is van loonsverhogings wat groter is as gelykydige produktiwiteitsverbeterings, of uit prysstygings wat voortspruit uit voorafgaande, oormatige groot, toenames in 'n "eksogeen bepaalde" geldvoorraad.

Die verloop van die inflasie in Suid-Afrika


Grafiek 1 toon die verloop van die inflasie in die Suid-Afrikaanse ekonomie vanaf 1946 (wat die eerste volledige kalenderjaar in die tydperk ná die Tweede Wêreldoorlog was). Die inflasie word hier weergegee deur die persentasieverandering van jaar tot jaar in die jaarlikse gemiddelde van die verbruikersprysindeks.

'n Aantal opmerkings kan weer eens hieroor gemaak word. In die eerste plek is daar in letterlik elke jaar van die na-oorlogse periode minstens 'n sekere styging in die jaarlike gemiddelde vlak van die verbruikerspryse aangeteken. Soos deur Grafiek 2 uitgebeeld word, het die gemiddelde vlak van die verbruikerspryse gedurende die 44 jaar van 1946 tot 1989 (die begin- en eindjaar albei hierby ingesluit) meer as twintigvoudig, naamlik met 1 996 persent, gestyg. Die gemiddelde jaarlikse koers van die styging in die verbruikerspryse gedurende hierdie 44 jaar het derhalwe ietwat meer as 7,1 persent beloop.

Vanaf die middel-sewentigerjare het die inflasie egter duidelik op aansienlik hoër vlakke te staan gekom as wat in die eerste kwart eeu ná die oorlog die geval was. 'n Skeidslyn kan getrek word aan die einde van 1973, wat die laaste kalenderjaar was waarin die styging in die verbruikerspryse van jaar tot jaar nog nie 10 persent te bove gegaan het nie. Die jare vanaf 1973 tot omstreeks 1975, wat die stempel van die eerste internasionale oliekrisis dra, neig in werklikheid om, in ontledings van verskeie tendense in die Suid-Afrikaanse ekonomie sowel as van tendense in die wêreld se vooraanstaande nywerheidsekonomieë en in die internasionale ekonomie in sy geheel, uit te staan as keerpuntjare (en soms as jare waarin verskynsels "kwantumspronge" gemaak het).

In die enkelsyfer-inflasiejare van 1946 tot en met 1973 het die jaarlikse gemiddelde vlak van die Suid-

Grafiek 2: Die verbruikersprysindeks



Afrikaanse verbruikersprysindeks met 'n faktor van 2,7, of teen 'n gemiddelde jaarlikse koers van bykans 3,7 persent, gestyg. Hierdie tydperk kan egter self weer in drie sub-periodes onderverdeel word. In die eerste van hierdie sub-periodes, van 1946 tot en met 1952, is die prysveranderings nog beïnvloed deur na-oorlogse aanpassings (waaronder ook die devaluasie van die Suid-Afrikaanse pond in 1949), asook deur die ekonomiese uitvloeiels van die oorlog in Korea (wat van Junie 1950 tot Julie 1953 geduur het, ofskoon aktiewe krygshandelinge oor die algemeen reeds voor die einde van 1951 gestaak is). Die gemiddelde jaarlike koers van die stygings in die verbruikerspryse het gedurende hierdie periode van sewe jaar nagenoeg 5,0 persent beloop; die vlak van 5 persent van die inflasie van jaar tot jaar is gedurende hierdie jare by drie geleenthede oorskry.

'n Vergelykenderwys hoë mate van prysstabiliteit het gedurende die res van die vyftigerjare en gedurende die sestigerjare voorgekom. Van 1953 tot en met 1968 het die gemiddelde jaarlikse inflasiekoers in die verbruikerspryse 'n baie matige 2,4 persent beloop; teen hierdie koers sou die gemiddelde vlak van die verbruikerspryse 'n periode van meer as 29 jaar nodig hê om te verdubbel. In geen jaar gedurende die betrokke tydperk van 16 jaar het die inflasiekoers van jaar tot jaar meer as 5 persent (of selfs meer as 4 persent) beloop nie.

Die "oorgangsjare" van 1969 tot en met 1973 was getuie van die aanloop tot tweesyferinflasie. Gedurende hierdie periode het die gemiddelde jaarlikse stygingskoers van die algemene verbruikerspryspeil tot 6,0 persent versnel. Die gemiddelde verbruikerspryspeil was in 1973 ongeveer 34 persent hoër as in 1968.

In die tweesyfer-inflasiejare vanaf 1974 het die gemiddelde jaarlikse koers van styging in die verbruikerspryse op die vlak van ongeveer 13,6 persent te staan gekom waarvan in die inleidende opmerkings tot


hierdie aantekeninge reeds melding gemaak is; inflasie teen hierdie koers beteken dat die algemene pryspeil ongeveer elke vyf jaar, vyf maande en agt dae verdubbel (wat op sy beurt weer beteken dat die algemene pryspeil gedurende die mens se Bybelse lewensduur van 70 jaar met 'n verbasingwekkende *veelvoud* van nagenoeg 7 476 sou styg).² In 1989 was die gemiddelde vlak van die verbruikerspryse, behalwe dat dit meer as 20 keer so hoog was as aan die einde van die oorlog, ook ongeveer 7,7 maal so hoog as in 1973.

Skommelings met 'n toenemende swaaiwydte is gedurende die tydperk van tweesyferinflasie tot dusver deur die koers van die inflasie van jaar tot jaar aan die dag gelê. As 'n verontrustende verskynsel het elk van die opeenvolgende boonste en onderste draapunte van die inflasiekoers van jaar tot jaar – in 1975, 1981 en 1986 en in 1978, 1984 en 1988 onderskeidelik – egter konsekwent op 'n hoër vlak gelê as wat by die onmiddellik voorafgaande draapunt die geval was.

Soos hierbo ook reeds opgemerk is, beteken inflasie egter nie dat alle prys wat by 'n sekere prysindeks ingesluit is, oor enige besondere periode noodwendig in dieselfde verhouding sal styg nie. Om hierdie stelling toe te lig, toon Grafiek 3 dat die gemiddelde koers van die inflasie in die prys van "tekstielgoedere" (soos dit by die verbruikersprysindeks ingesluit is) heel aansienlik laer was as die inflasie in die koste van "opvoedkundige dienste" oor enige periode (tot op hede) wat in

² Dit styg na vervaervoudiging met 'n faktor van byna 8 493 indien 'n mens vir 71 jaar in plaas van 70 jaar leef.

Grafiek 3: Verskille tussen prysbewegings van komponente van verbruikersprysindeks




1975 begin. Die persentasiestygging in die koste van opvoedkundige dienste het ook bykans elke jaar vanaf 1976 die stygging in die verbruikersprysindeks met gemaak oorskry, terwyl die koers van stygging in die prys van tekstielgoedere van jaar tot jaar huis in elke jaar vanaf 1978 laer was as dié van die algemene prysindeks. (Dit kan natuurlik opgemerk word dat hierdie uiteenlopendheid in die verloop van die betrokke prys *slegs* kon voorkom op grond van die feit dat tekstielgoedere en opvoedkundige dienste op geen manier beskou kan word as artikels wat in die gemiddelde gesin se huishoudelike bestedingspatroon nabye *plaasvervangers* vir mekaar is nie.)

'n Interessante en belangrike voorbeeld van gedifferentieerde koersse van prysstyggings oor langdurige periodes word verskaf deur die verloop van die prys van duursame verbruiksgoedere in vergelyking met die verloop van die algemene verbruikerspryspeil. Grafiek 4 toon die verhouding van die prys-"*deflator*" vir duursame verbruiksgoedere tot die "*deflator*" vir verbruiksbesteding in die algemeen vanaf 1975.

Oor die jare het belangrike vooruitgang in die tegnologie en die verbeterings in produksiemetodes en -tegnieke wat daar mee gepaard gegaan het, toegelaat dat daar op die gebruik van grondstowwe, arbeid en kapitaal in produksieprosesse besuinig kon word. Die betrokke besparings aan insette was klaarblyklik van groter relatiewe betekenis in die geval van die vervaardiging van duursame verbruiksgoedere as in die geval van die produksie van semi- en nie-duursame goedere en van die lewering van dienste; as gevolg hiervan het dit die koers van stygging in die prys van duursame ver-

Grafiek 4: Relatiewe "duurheid" van duursame verbruiksgoedere



bruiksgoedere teruggehou in vergelyking met die stygingskoers wat die prys van verbruiksgoedere en -dienste in die algemeen aan die dag gelê het.

Hierbenewens het die styging in reële inkomens in die na-oorlogse periode beteken dat die mark vir duursame verbruiksgoedere sowel verbreed as verdiep het, wat die vervaardigers van hierdie soort goedere waarskynlik in staat gestel het om die voordele van kosteverlaging by produksie op groter skaal meer volledig uit te buit. Duursame goedere in Suid-Afrika het egter 'n betreklik hoë invoerinhoud. Dit het betekenis dat die prys van hierdie goedere meer as eweredig deur die verswakking van die wisselkoers van die rand vanaf 1981 beïnvloed is. As gevolg hiervan wil dit voorkom asof die afwaartse neiging in die *relatiewe* duurte van hierdie goedere wat vanaf die middel-vyftigerjare tot die vroeë tagtigerjare opgemerk kon word, sedert omstreeks 1983 omgekeer is.

Gedurende die grootste deel van die tagtigerjare was die tweesyfer-inflasiekoerse in Suid-Afrika aansienlik hoër as die inflasiekoerse in die ekonomiese van Suid-Afrika se vernaamste internasjonale-handelsvennootlande. Inflasieverskille van hierdie aard moet uiteindelik deurwerk na die wisselkoers van die rand teenoor ander geldeenheide: namate die hoeveelheid (internasionaal verhandelbare) goedere en dienste wat vir een rand in Suid-Afrika gekoop kan word, afneem in verhouding tot die hoeveelhede van sodanige goedere en dienste wat vir een dollar in die Verenigde State of vir een Duitse mark in Duitsland gekoop kan word, sal diegene wat na keuse in enige een van hierdie lande kan koop, klaarblyklik bereid wees – en normaalweg ook *verplig* wees – om 'n verhoogde aantal rand te betaal vir een Amerikaanse dollar of vir een Duitse mark.

Omgekeerd sal 'n styging – om watter rede ook al – in die aantal rand wat vir een dollar of vir een Duitse mark betaal moet word, klaarblyklik egter daartoe neig om die prys in rand van goedere wat uit die Verenigde State of Duitsland ingevoer word, te verhoog – en al te dikwels ook die prys in rand van die plaasvervangers of ekwivalente van die betrokke goedere wat in Suid-Afrika vervaardig word. In beginsel kan 'n versnelde styging in die randpryse van ingevoerde goedere of van goedere wat met ingevoerde goedere meeding, natuurlik deur 'n stadiger styging in die prys van Suid-Afrikaans-geproduseerde, nie-verhandelde, goedere en dienste geneutraliseer word, sodat die Suid-Afrikaanse inflasiekoerse (of altans party van daardie koerse) nie beïnvloed hoef te word nie. Die meer normale verskynsel is egter dat 'n versnelde styging in die prys van ingevoerde goedere sal neig om die tempo van die waargenome stygings in die omvattende Suid-Afrikaanse produksie- en verbruikersprysindekse te verhoog, en dus sal neig om 'n "inflasioneer" uitwerking te hê.

In den brede beskou, en oor periodes wat van voldoende lengte is, moet (sê) 'n *verdubbeling* van die

verhouding van 'n omvattende indeks van die randpryse van Suid-Afrikaanse goedere tot die indeks van die dollarpryse van vergelykbare goedere in die VSA, of van die prys in Duitse mark in Duitsland, by benadering ook 'n *verdubbeling* beteken van die rand-"*pryse*" van dollars en Duitse marke – wat betekenis dat dit 'n *halvering* moet meebring van die *wisselwaarde* van die rand wanneer dit in eenhede van hierdie ander geldeenheide uitgedruk word of dat dit 'n *depresiasië* van 50 persent sal behels van die wisselkoers van die rand teenoor hierdie ander geldeenheide.

In die praktyk het die verskille tussen die inflasiekoerse in Suid-Afrika en dié in Suid-Afrika se onderskeie internasjonale-handelsvennootlande natuurlik self – in meer of minder belangrike mate – van handelsvennootland tot handelsvennootland verskil. Dit het bygedra tot verskille in die mate waarin die rand-"*pryse*" van (eenhede van) die onderskeie buitelandse geldeenheide gestyg het en in die dienooreenkomslike mate waarin die wisselwaarde van die rand gedaal het wanneer dit in hierdie verskillende geldeenheide uitgedruk word.


Dit behoort ook opgemerk te word dat die wisselwaarde van die rand, in enige ander geldeenheid of in alle ander geldeenheid uitgedruk, altans oor korter periodes kragtig beïnvloed kan word deur faktore wat weinig te doen het met die vergelykende *koopkrag* van die rand en van hierdie ander geldeenheide in hul onderskeie lande van oorsprong. Hierbenewens sluit die *verbruikersprysindeks* in Suid-Afrika sowel as in ander lande 'n hele aantal poste in (goedere sowel as dienste) wat normaalweg nie internasionaal verhandel word of selfs internasionaal verhandel kan word nie.

Grafiek 5 toon nietemin hoe die styging in die verhouding van die indeks van die randpryse van verbruiksgoedere en -dienste in Suid-Afrika tot die (geweegde) gemiddelde indeks van die verbruikerspryse (in dollars, Duitse mark, jen ens.) in handelsvennootlande veral sedert 1983 taamlik nou geëwenaar is deur 'n min of meer eweredige verswakking van die gemiddelde effektiewe wisselkoers van die rand (dit wil sê deur 'n min of meer eweredige daling in die effektiewe *wisselwaarde* van die rand): die nagenoeg drievoudige styging in die verhouding van die Suid-Afrikaanse verbruikersprysindeks tot die geweegde gemiddelde indeks van die verbruikerspryse in handelsvennootlande van 1970 tot 1989 het gepaard gegaan met 'n daling in die gemiddelde effektiewe wisselwaarde van die rand tot op 'n peil wat uiteindelik slegs ongeveer een-derde so hoog was as in 1970.

Waarom inflasie bekamp behoort te word

Min ekonome sal betwissel dat dit, deur die ekonomiese deur middel van monetêre en/of fiskale beleidsmaatreëls te stimuleer, moontlik is om die werkloosheid te verminder, 'n hoër mate van kapasiteitsbenutting te bewerkstellig, die reële bruto binnelandse produk te laat styg, en derhalwe ook om minstens 'n ruk lank 'n

Grafiek 5: Relatiewe inflasie en die wisselkoers



hoër gemete reële ekonomiese groeikoers te voorskyn te roep – selfs indien dan voorsien behoort te word dat die owerhede se stimulerende beleidsmaatreëls uiteindelik ook 'n verhoogde inflasiekoers sal meebring. Uit hierdie algemeen aanvaarde sienswyse is gevolgtrekkings gemaak ten effekte dat 'n mate van inflasie geduld behoort te word as dit die bedoeling is om 'n bevredigende reële ekonomiese groeikoers te bewerkstellig; dat 'n mate van inflasie as bewys dien dat die hulpbronne van die ekonomie ten volle benut en die ekonomiese groepotensiaal ten volle uitgebuit word; en selfs dat inflasie as sodanig beskou behoort te word as heilsaam of bevorderlik vir ekonomiese groei.

Terselfdertyd het waarnemings van historiese omgekeerde verwantskappe tussen inflasie en werkloosheid (waarvolgens hoér inflasiekoerse gepaard gegaan het met laer koerse van die werkloosheid en andersom, soos wat deur die sogenaamde Phillipskromme uitgebeeld is) vir geruime tyd die indruk geskep dat werkloosheid en inflasie op 'n kwasi-permanente basis teen mekaar "afgeruil" kon word: gemeenskappe kon skynbaar kies of hulle, aan die een kant, teen die prys van ietwat hoér inflasie, laer werkloosheid en verhoogde ekonomiese bedrywigheid, produksie, besparing en investering (en dus ook versnelde ekonomiese groei) tot stand wou bring, of, aan die ander kant, sou berus in meer gematigde peile van die bedrywigheid

en die ekonomiese groei terwyl hulle die voordele sou geniet (wat daardie voordele dan ook al nog sou kon wees) van betreklike stabiliteit van die algemene pryspeil.

Aanvanklik altans is daar nie juis stilgestaan by die vraag of 'n gegewe werkloosheidskoers ook by die inflasiekoers wat daarmee ooreengestem het, gehandhaaf kon word nie. Die empiriese Phillipskromme self, wat maar net in die vorm van 'n grafiese uitgebeelde tabel "verslag gedoen het" oor die kombinasies van die inflasiekoerse en die werkloosheidskoerse wat histories aangeteken is, het geen insig gegee in die aanpassingsprosesse wat tot hierdie kombinasies geleid het nie.

Hierbenewens het die oorspronklike Phillipskrommes geen gronde verskaf om te twyfel aan die stabiliteit van die vorms en posisies van hierdie krommes nie. Die krommes het ook geen rede gegee nie om te vermoed dat enige besondere kombinasie van 'n inflasiekoers en 'n werkloosheidskoers moontlik beskou sou moes word as *uniek* en as *slegs* van toepassing op die besondere tydstip waarop hierdie kombinasie wel voorgekom het, wat sou betekenis dat so 'n kombinasie moontlik nog gereproduseer nog "vir onbepaalde tyd" gehandhaaf kon word. Soos dit toentertyd gelyk het, sou 'n hoë indiensnemingspeil "vir altyd" teen die prys van slegs geringe inflasie behou kon word; terwyl die herinnering aan die Groot Depressie nog voortgeleef

het, het dit na 'n baie billike prys gelyk om vir 'n hoë indiensnemingspeil te betaal.


Jonger sienswyses het nie daarin geslaag om hierdie vroeë en ietwat naïeve optimisme in stand te hou nie. Volgens een huidige beskouingswyse (aanvanklik 'n meer monetaristiese beskouingswyse) van hierdie sake sal langdurige inflasie teen 'n min of meer bestendige koers uiteindelik ten volle verwag en geantisipeer word. Namate die inflasie ten volle in die verwagtings ingebou word, sal aanpassings in die gedrag van besluitnemers die werkloosheid terugdwing na die sogenoemde "natuurlike" peil daarvan – soos dit deur sekere grondliggende eienskappe van die arbeidsmag en deur ter sake dienende kenmerke (in wese strukturele kenmerke) van die arbeidsmark en die algemene ekonomie bepaal word. Die totale reële produksie, besparing, investering en die reële ekonomiese groeikoers sal dan, tesame met die werkloosheid, selfs in die gunstigste geval terugkeer na die vlakke daarvan wat in die voor-inflasionele tydperk geheers het. Die samelewing sal dan nog steeds gepla wees met die inflasie, maar die werkloosheidstoestand sal nie beter wees as wat voorheen die geval was nie.

'n *Blywend* (of minstens langdurig) hoë peil van die reële ekonomiese bedrywigheid en ekonomiese groei sou volgens hierdie sienwyses slegs teen die prys van *aanhouwend versnelende inflasie* verwesenlik kon

word. Steeds versnellende inflasie sal egter – volgens hierdie en elke ander teoretiese beskouingswyse – uit-eindelik daartoe lei dat die gebruik van geld vir die maak van betalings prysgegee word en dat die monetêre stelsel in die algemeen ineenstort; dit sal onvermydelik met 'n ernstige verlies aan reële produksie en aan ekonomiese welsyn gepaard gaan. Blywend hoë inflasie teen 'n koers wat moontlik kan verander maar *nie* konsekwent *versnel* nie, sal daarenteen nie slegs van geen hulp wees om die reële groeikoers van die ekonomie te verhoog nie. Veel meer waarskynlik is dat dit ook 'n beduidend nadelige invloed op die doelmatigheid van die toedeling van hulpbronne en van die ekonomie se produksieprosesse sal uitoefen. Selfs indien die koers van toename in die reële produksie op lang termyn nie veel van dié in die voor-inflasionele tydperk sou verskil nie, sou hierdie inboeting van doelmatigheid meebring dat die *vlak* van die reële produksie beduidend en blywend laer sou wees as wat dit kon gewees het. Die vlak van die reële produksie sou ook 'n ruk lank laer kon wees as voordat daar met die inflasieproefneming begin is.

Grafiek 6 toon dat die betreklik lae inflasiekoerse in Suid-Afrika oor die grootste deel van die jare vyftig en sestig met vergelykenderwys hoë groeikoerse van die reële ekonomie gepaard gegaan het. Dit toon ook dat die hoë en deurgaans stygende tweesyfer-inflasie-

Grafiek 6: Inflasie en ekonomiese groei



koerse van 1974 en daarna deur 'n afwaartse langtermynneiging in die koerse van die reële ekonomiese groei van jaar tot jaar vergesel is. Soortgelyke bevindings, maar op 'n deursneebasis, is ook met betrekking tot 'n groot aantal lande met hoë en lae inflasie gedurende die periode 1980-1986 (of ander uitgesoekte tydperke) deur Gylfason (en ander navorsers) bekend gemaak.³ Gylfason se statistiese toets "dui daarop" dat die produksie-aanwas in die ekonomieë met hoë inflasie gemiddeld beduidend laer was as in die ekonomieë met lae inflasie *en* dat die lae koerse van die ekonomiese groei wat gemiddeld in die ekonomieë met hoë inflasie behaal is, byna seker "nie toevallig" was nie.

Daar behoort natuurlik opgemerk te word dat daar geen "bewys" bestaan dat Suid-Afrika se reële ekonomiese groeikoers gedaal het omdat Suid-Afrika se inflasiekoers gestyg het, of dat lande met lae groei en hoë inflasie lande met lae groei is *op grond van die feit dat hulle lande met hoë inflasie is nie*. Soos ook deur Gylfason opgemerk word, kan die inflasie hoog wees omdat die reële groei laag is; daar kan aan verskeie meganismes gedink word wat aan 'n ekonomie wat (onlangs) lae groei (begin) toon het, 'n inflasionêre sydigheid kan gee. 'n Ander moontlikheid is dat sowel die lae groei as die hoë inflasie gesamentlike en gelyktydige gevolge van 'n derde faktor of stel faktore is. Hierbenewens kan in Suid-Afrika se geval die moontlikheid nie uitgesluit word nie dat die verlangsaming van die ekonomiese groei en die versnelling van die inflasie sedert die middel-sewentigerjare in werklikheid afsonderlike resultate was van twee onafhanklike faktore of stelle faktore wat, deur 'n blote sameloop van omstandighede, die ekonomie toevallig op dieselfde tyd getref het.

Die ondervinding in Suid-Afrika sowel as internasionaal doen nietemin die standpunt aan die hand dat langdurige inflasie teen meer as 'n sekere (lae) maksimum koers byna seker "nie goed is" vir groei nie en hoogs waarskynlik "sleg is" vir groei. In die Suid-Afrikaanse geval sou dit beteken dat die tweesyfer-inflasiekoerse wat sedert die middel-sewentigerjare ervaar is, bygedra het tot die verswakkings van die groeprestasie wat die ekonomie, in vergelyking met die aannerklik meer indrukwekkende groeprestasies van die jare vyftig en sestig, gedurende daardie periode aan die dag gelê het. Verskeie redes kan aangevoer word waarom inflasie die vlak van die reële produksie in die ekonomie ongunstig beïnvloed en die reële groeikoers van die ekonomie verlaag:

- Langdurige hoë inflasie kan die vertroue van die sakegemeenskap en van verbruikers verswak deurdat dit twyfel kan saai omtrent die owerhede se bekwaamheid om die ekonomie reg te bestuur, of om-

trent hul vasbeslotenheid om gesonde monetêre en finansiële toestande te handhaaf. As tweesyferinflasie eenmaal geduld word, kan vrees en verwagtings ontstaan oor inflasie wat "op homself teer", of oor 'n moontlike gebrek aan weerstand by die owerhede teen aanhoudend verder versnelende inflasie. Tenoor die moontlikheid van steeds verder versnelende inflasie moet ook die moontlikheid in gedagte gehou word dat die owerhede deur skerp en skielike regstellende optrede kan probeer om die inflasie onder beheer te kry.

- Opwaartse prysversienings wat 'n deel van die inflasieproses uitmaak, kan ten onregte beskou word as veranderings in *relatiewe* prys as gevolg van verskuiwings in vraag en aanbod, wat normaalweg 'n teken sou wees van 'n behoefté aan 'n hertoedeling van produktiewe hulpbronne tussen verskillende produksiebedrywighede. Inflasie verminder derhalwe die toedelingsvermoë van die markprysvormingsmeganisme, wat beteken dat die prysvormingsmeganisme minder doelmatig en minder doeltreffend word om te verseker dat alle beskikbare produksiemiddelle op die bes moontlike wyse aangewend word. Daarteenoor kan die *indeksering* van prys – dit wil sê die automatiese of kwasi-automatiese aanpassing van prys (waarby die lone ook ingesluit is) ooreenkomsdig en eweredig met veranderings in 'n meer omvattende prysindeks – weer veranderings in relatiewe prysveranderings in werklikheid dringend noodsaklik is.
- Reële hulpbronne word geabsorbeer deur die aanhoudende herberekening en hersiening van prys, die versameling van inligting oor onlangse prysveranderings, die bepaling van die betekenis van hierdie prysveranderings, en die behoefté om onpopulêre prysverhogings in die openbaar te verdedig.
- Inflasie ontmoedig die gebruik van nie-rentedraende vorms van geld. Meer in die algemeen moedig dit 'n "besuiniging" aan op die besit van "reële" geldsaldo's (dit wil sê op die besit van geldsaldo's gemeet volgens die koopkrag daarvan), wat as 'n kapitaalgoed vir sakeondernemings en as 'n duursame gebruiksartikel vir verbruikers dien. Dit beteken 'n verlies van doelmatigheid onder sakeondernemings en van die "gerief, likwiditeit en veiligheid" wat reële geldsaldo's aan die besitters daarvan verleen.

'n Paar van hierdie invloede (in die besonder die laastgenoemde "reële-saldo"-effek, wat in die ekonomiese literatuur betekenisvolle aandag geniet het) sou nog voortduur selfs indien langdurige inflasie teen 'n bestendige koers ten volle in die verwagtings opgeneem is en ten volle geantisipeer word. In die praktyk het inflasies wat nie ten volle geantisipeer word nie en tot op sekere hoogte onvoorspelbaar is, egter nog verskeie ander uitwerkings wat grotendeels verklaar waarom die algemene publiek deur inflasie gegriefd voel en

³ Gylfason, T.: "Inflation and Economic Decline: A Coincidence?", Skandinaviska Enskilda Banken Quarterly Review, 2/1989, pp. 35-40.

waarom die reële ekonomiese bedrywigheid, groei en voorspoed ongunstig deur inflasie beïnvloed word:

- Inflasionêre prysverhogings, wat aangebring word om redes waarvan "die gewone man" moontlik wel verneem het maar waarvan nie veronderstel kan word dat hy dit ten volle verstaan nie, skep 'n gevoel van uitbuiting. Terselfdertyd skep sodanige prysstygtings ook geleenthede vir *ongeregverdigde* prysverhogings wat inderdaad *wel* op misbruik en uitbuiting neerkom. In die daaruit voortvloeiende milieu van agterdog en vyandigheid kan die owerhede dit noodsaaklik vind om administratiewe reëlings aan te gaan of nuwe burokratiese liggame in die lewe te roep om aan die verbruker verhoogde "beskerming" te verleen. (Meer in die algemeen kan 'n periode van inflasionêre prysstygtings die owerhede natuurlik daartoe verlei om 'n min of meer omvattende stelsel van prysbeheer in te stel, waardoor oordele betreffende die pryse wat artikels in die mark behoort te behaal in die hande van staatsamptenare geplaas word eerder as dat die ter sake dienende prysvasstellingsbesluite aan die markprysvormingsmeganisme oorgelaat word.)
- Belangriker is dat inflasie waarskynlik sal lei tot 'n arbitrière en onbillike herverdeling van inkome en rykdom. So 'n herverdeling sal tipies grotendeels plaasvind ten koste van persone of groepe persone (soos pensionarisse, werkloses, en mense met slegs beperkte finansiële vermoëns en gesofistikeerdheid) wat nie in staat is, of wat nie langer in staat is, om "van nuuts af aan te kontrakteer" met betrekking tot die voorwaardes waarop hulle hul (arbeids)dienste te koop aanbied of met betrekking tot die opbrengste wat hulle verdien op hul reële of finansiële batebesit nie, en wat dikwels ook slegs weinig of geen toegang het tot inflasiebestande vorms van vermoënsbesit nie. Gegewe dat die meeste inkomens ná belasting nie geïndekseer of inflasiebestand gemaak is nie en dat die meeste inkomstbelastingstelsels progressiwiteit bevat, val regerings – deur die welbekende prosesse van "blokkruiping" of "belasting deur inflasie" – behalwe in vergelykenderwys baie ernstige inflasies gewoonlik ook onder die partye wat voordeel trek uit die herverdeling van inkome en rykdom wat deur inflasies teweeggebring word. Dit beteken weer dat die aandeel van die owerheidsbesteding in die totale reële bruto binnelandse besteding gedurende inflasieperiodes waarskynlik sal toeneem. Daar bestaan egter 'n vermoede dat owerheidsbesteding wat sekere betreklik lae maksimum perke oorskry, vanuit die oogpunt van die bevordering van reële ekonomiese groei en ontwikkeling sub-optimaal sal wees.
- Inflasie gaan dikwels gepaard, hetby as oorsaak of as gevolg, met sub-optimaal lae (en heel moontlik negatiewe) reële rentekoerse. Wanneer die invloed van belasting op bedryfskoste en op geldelike verdienstes (en van blokkruiping op belasting) ook nog in ag geneem word, kan dit beteken dat die effektiewe reële rentekoste van geleende fondse ná belasting gedurende inflasietydperke baie laag is vir die leners van hierdie fondse, terwyl die effektiewe reële rente-opbrengs op finansiële bates ná belasting gedurende sulke periodes weer vir spaarders baie laag kan wees. Dit is goed moontlik dat die verskeie ongewenste resultate van hierdie skeeftrekkings 'n daling in die totale reële binneilandse besparing kan insluit; 'n wantodeling van 'n deel van die reële investeringsbesteding aan oormatig en sub-optimaal kapitaalintensiewe produksiefasiliteite en -prosesse sal egter byna seker 'n deel van hierdie resultate uitmaak. Die vraag na arbeid en die gemiddelde peil van die reële loon of reële arbeidsvergoeding sal dan laer wees as wat dit sou, kon en moes gewees het; dit sal op sy beurt weer in groter werkloosheid en verhoogde gedeeltelike of verbloemde werkloosheid tot uiting kom. Terselfdertyd kan oormatig lae reële rentekoerse lei tot oormatig hoë verhoudings van skuld tot eie middele en verwante ongesonde finansieringspraktyke onder sakeondernemings. Sulke praktyke kan die betrokke ondernemings meer kwesbaar maak wanneer die monetêr-finansiële omstandighede 'n ongunstige wending neem.
- Onvolledig voorsienbare inflasie bemoeilik loon- en verwante onderhandelings en kan meer veelvuldige heronderhandelings van lone en ander elemente van die arbeidsvergoeding noodsaaklik maak. Dit verhoog weer die kans op botsings tussen die werkerskorps en die bestuur van ondernemings, stakings, buitesluitings en arbeidsonrus.
- Inflasie skep aansporings om te soek na inflasiebestande bates of inflasie-"*verskansings*" en na metodes vir die vermyding of ontduiking van belastings waarvan die druk – gedeeltelik vanweë blokkruiping – as oormatig en onredelik hoog aangevoel word. Om verskeie redes is dit waarskynlik dat beleggers in die private sektor wat nie ondernemers is nie, tasbare verskansingsbates sal uitsoek (soos byvoorbeeld strandhuse, "tweede wonings" en ander vorms van vaste eiendom wat nie veel bestuursvernuf vereis nie) waarvan die konstruksie beslag lê op die reële besparings van die ekonomie maar wat, as deel van die ekonomie se reële vastekapitaalvoorraad, vanuit die oogpunt van meer langdurige werkskepping en vir ekonomiese groei waarskynlik ernstig sub-optimaal is.⁴ Inflasie en

⁴ Die neiging om gedurende inflasionêre periodes te belê in vaste eiendom wat met skuld gefinansier word, sal egter tot op sekere hoogte teengewerp word deur die "aanvangsbeswaring" ("front-end-loading") wat gedurende sulke periodes aanwesig is in die gelyke maandelikse paaiemente wat gedurende die looptyd van die verbandlengte op die lening betaal moet word. Aanvangsbeswaring het hier betrekking op die vergelykenderwys groot reële las van die vaste maandelikse paaiemente in die eerste paar jaar van die verbandlengte; ingesluit by hierdie paaiemente is 'n onbedoelde groot bestanddeel van *de facto aflossing* van die hoofskuld (reëel gesproke), wat bykomend is tot die rente-element. Terselfdertyd kan die hoë *nominale* rentekoerse in inflasionêre periodes vir groepe debiteure soos huiseienaars ook kontantvloeiprobleme meebring.

depresiasi van die geldeenheid kan ook kapitaaluitvloeiings uit die land aanmoedig wat na die mening van die owerhede die instelling of verskerping van deviesebeheermaatreëls noodsaklik maak. Op meer regstreekse wyse kan 'n deel van die arbeidsmag en ander hulpbronne wat nie onbeduidend klein is nie, in beslag geneem raak deur die soek na en die uitbuiting van maniere waarop die pynlike gevolge van inflasie vermy kan word (soos byvoorbeeld blyk uit die vinnige opkoms van sakeondernemings wat spesialiseer in die verskaffing van belasting- en beleggingsadvies). Dit kan ook meebring dat die finansiële stelsel oormatig en buite verhouding "gesofistikeerd" raak met betrekking tot die verskeidenheid fasilitete, dienste en beleggingsinstrumente wat dit bereid en in staat is om te voorsien.

- Deurdat die inflasie tot hoë *nominale* rentekoerse lei, skep dit ook omstandighede waarin die monetêre beleid geredelik baie wisselvallig kan raak. 'n Nominale Bankkoers van 22 persent – in reaksie op 'n (verwagte) inflasiekoers wat, sê, 18 persent beloop – kan klaarblyklik *in beginsel* met enige aantal persentasiepunte tot by die volle 22 persentasiepunte daarvan verlaag word; teoreties laat dit dus 'n *reële* Bankkoers toe wat in die volle mate van die inflasiekoers (dit wil sê, in die geval van die gebruikte voorbeeld, met tot 18 persent) negatief kan word. Die baie groot strekwydte van die *potensiële* verlagings van die Bankkoers in 'n inflasionêre milieu kan met hoë onstabilitet van die *werklike* reële Bankkoers gepaard gaan in omstandighede wat skynbaar vereis dat die monetêre owerhede enersyds deurtastend optree en andersyds veelvuldige koersveranderings aanbring in hul beleid. Die wye swaai in die peil van die reële (korttermyn)rentekoerse kan dan egter nog weer 'n verdere bron van onsekerheid vir die sakewêrelde word waardeur ondernemerskap en inisiatief ontmoedig word.

Inflasie as 'n "monetêre" verskynsel

Die feit dat inflasie "altyd en orals 'n monetêre verskynsel" is, kan toegelig word aan die hand van die welbekende handelsverkeersvergelyking (die "Equation of Exchange"), wat (in die huidige verband) stel dat –

$$MV = Py.$$

In hierdie vergelyking is y die reële bruto binnelandse produk gedurende enige gegewe tydsperiode. P is die gemiddelde pryspeil, in geld uitgedruk, van die goedere en dienste wat gedurende die betrokke periode by die reële bruto binnelandse produk ingesluit is. Py is dus die bruto binnelandse produk teen heersende prys. M is die (gemiddelde) geldhoeveelheid, volgens enige een van die verskillende definisies daarvan, gedurende die betrokke periode. V is die "omloopsnelheid" van die geldvoorraad, wat in die huidige verband opgevat kan word as die gemiddelde aantal kere wat elke eenheid geld in die geldvoorraad gebruik moes word (dit wil sê, "van hand tot hand moes gaan") om te help

"betaal" vir die bruto binnelandse produk terwyl dit óf geskep óf aangekoop is (deur huishoudings, sakeondernemings, die owerheid ens.).

Die handelsverkeersvergelyking is *nie* 'n teorie nie en is ook nie van enige teorie afgelei nie. In plaas daarvan is dit 'n identiteit of toutologie waarvan die tydelose en onweerlegbare geldigheid berus op die definisie van "omloopsnelheid".⁵ Dit kom neer op 'n stelling dat die bedrag geld wat gedurende enige besondere periode vir die bruto binnelandse produk "betaal" is (MV), gelyk is aan die geldwaarde van die bruto binnelandse produk teen heersende prys (Py) gedurende daardie periode.⁶

Uit $MV = Py$ volg dit dat $P = \frac{MV}{y}$. Wanneer dit op hierdie manier gestel word, vestig die handelsverkeersvergelyking die aandag daarop dat solank y konstant is, 'n styging in die pryspeil P (wat deel van 'n inflasie kan wees) *slegs* kan voorkom "in samehang met" (1) 'n toename in die geldvoorraad M , of (2) 'n styging in die omloopsnelheid van die geld V , of (3) 'n kombinasie van (1) en (2).

⁵ Let op dat V bereken word as die verhouding tussen die bruto binnelandse produk teen heersende prys in enige gegewe periode en die gemiddelde geldhoeveelheid gedurende daardie periode, dit wil sê dat $V = Py/M$. Die handelsverkeersvergelyking stel derhalwe dat $M(Py/M) = Py$, wat nouliks bewis kan word.

⁶ Ofskoon die handelsverkeersvergelyking as sodanig geen teorie behels nie, het dit histories diens gedoen as die wegspringplek vir die sogenaamde Kwantiteitsteorie van Geld, wat as die geldhoeveelheidsteorie van die algemene pryspeil verstaan moet word. Hierdie teorie het ten doel gehad om verandering in die algemene pryspeil te verklaar aan die hand van verandering in die geldhoeveelheid. In sy mees elementêre vorm het dit gepostuleer dat relatiewe verandering (persentasieveranderings) in die geldvoorraad M en die pryspeil P streng eweredig aan mekaar verbonde was: 'n toename van x persent in die geldvoorraad sou 'n styging van x persent in die algemene pryspeil veroorsaak en dus deur so 'n pryspeilstyging gevolg word of daarvan gepaard gaan. Hierdie resultaat kon verkry word deur aan te neem dat sowel y as V vir ter sake dienende periodes konstant is en dus ook onafhanklik is van M . (Van die reële bruto binnelandse produk y is aangeneem dat dit vas en konstant sou wees op die volle-indiensnemingspeil van die ekonomiese bedrywigheid; van die omloopsnelheid V is aangeneem dat dit slegs baie stadig oor langdurige periodes verander het, in reaksie op stadige veranderings in betalingsgewoontes, betalingsmechanismes en betalingsfasilitete.)

Meer in die algemeen vereis 'n geldhoeveelheidsteorie van die pryspeil (waarvolgens verandering in die pryspeil aan die hand van verandering in die geldvoorraad, en aan die hand van verandering in die geldvoorraad alleen, voorspel kan word) dat daar aan twee voorwaarde voldoen word. In die eerste plek moet verandering in die geldvoorraad "eksogeen" wees en nie self afhang van verandering in V , P of y nie. Eksogeniteit van die geldvoorraad beteken dat die oorsaklikheid, as daar wel daarvan sprake is, van die linkerkant na die regterkant van die handelsverkeersvergelyking sal loop. In die tweede plek moet V en y konstant wees gedurende die periode waarop die ontleding betrekking het; indien nie konstant nie, moet V en y slegs reageer op veranderings in die geldvoorraad, en dan wel op 'n wyse wat self voorspelbaar is.

V hang klaarblyklik af van die hoeveelheid geld wat mense in verhouding tot die geldwaarde van die bruto binnelandse produk in besit wil hou. Onder taamlik tipiese "monetaristiese" aannames sou die vraag na *nominale* geldsaldo's streng eweredig met die algemene pryspeil verander. Aangesien "reële" geldsaldo's as 'n weelde-artikel beskou is, sou die vraag na "reële" geldsaldo's per kop van die bevolking 'n toenemende funksie wees van die reële "permanente" inkomse per →

Dit verdien om opgemerk te word dat, ander dinge gelyk synde, 'n styging van x persent in die omlooppnelheid V net soveel krag het om die prysvlak P te laat styg as 'n styging van x persent in die geldhoeveelheid M self. Dit kan ook lonend wees om nogmaals daarop te wys dat – wat ook al die rigting van oorsaaklikheid tussen MV en Py – solank sowel V as y konstant is, die pryspeil P noodwendig regstreeks eweredig met 'n toename in die geldvoorraad M moet styg, en omgekeerd. 'n Bestendige styging van 15 persent per jaar in die geldvoorraad moet dan – in elke onplesierige inflasiejaar ná elke vorige onplesierige inflasiejaar – onvermydelik en onafwendbaar met 'n styging van 15 persent in die algemene pryspeil gepaard gaan. Ten slotte kan daarop gewys word dat, by afwesigheid van 'n toename in die geldvoorraad (en onder die aanname dat die reële bruto binnelandse produk y altans nie besig is om te daal nie), 'n styging in die algemene pryspeil *slegs* moontlik is in die mate waarin die omlooppnelheid sal styg of verhoog kan word.

In werklikheid het nog die reële bruto binnelandse produk y nog die omlooppnelheid van die geldvoorraad V oor die jare natuurlik ook maar enigsins konstant gebly. As gevolg daarvan het P nie eenvoudig eweredig met M of selfs met MV gestyg nie; in plaas daarvan het dit opgegaan *ooreenkomsdig die verhouding van MV tot y* .

Wat die omlooppnelheid betref, was dit oor die kort termyn, die middeltermyn of die lang termyn baie beslis *nie* stabiel nie. Belangrike kragte was byna steeds en oor die kort en middel- sowel as oor die lang termyn

capita; die "permanente" inkome p.c. sou deur 'n (geweegde) gemiddelde van vorige vlakke van die *gemete* reële inkome p.c. benader en verteenwoordig kon word.

Probleme sou egter nog oorbly by die voorspelling van die manier waarop 'n verandering in MV , uit hoofde van 'n (op gepaste wyse eksogene) verandering in M , homself "sou verdeel tussen" veranderings in die reële bruto binnelandse produk y (met sy moontlike terugkoppelingseffekte op die permanente inkome of rykdom, en derhalwe op die omlooppnelheid) aan die een kant, teenoor veranderings in die pryspeil P aan die ander kant. Dit sou weer op taamlik voor die hand liggende wyse afhang van die elastisiteit van die reële produksie met betrekking tot veranderings in die reële *ex ante* effektiwef vraag (dit wil sê met betrekking tot die beplande of begeerde toename in MV volgens die reële waarde daarvan). Hierdie elastisiteit sou op sy beurt weer in baie groot mate 'n kwessie wees van die heersende mate van werkloosheid en van ledige hulpbronne in die algemeen: hoe hoër die heersende werkloosheidskoers, hoe meer sou die toename in die reële waarde van MV bykomende reële produksie te voorskyn roep eerdere as om deur inflasie (of deur 'n versneling van die inflasie) gevolg te word.

Die hiervoor vereiste inligting kon egter, in beginsel, aan historiese gegewens van die soort wat deur die Phillipskromme voorsien is, ontleen word. Die Phillipskromme-gegewens kon – weer eens altans in beginsel – toon hoe gegewe toenames in die geldvoorraad uit die veronderstelde eksogene bronne daarvan, en die daar mee gepaardgaande toenames in die *ex ante* effektiwef vraag, histories in enige besondere beginsituasie met betrekking tot die benutting van hulpbronne, in afnames in die werkloosheid (en in die daar mee gepaardgaande toenames in die fisiese produksie en in die reële inkome) aan die een kant, teenoor versnellings van die inflasiekous aan die ander kant, weer-spieël is. Op grond hiervan is 'n ruk lank geglo dat "die" Phillipskromme die ontbrekende skakel voorsien het wat nodig was om te voorspel watter veranderings in die pryspeil uit veranderings in die geldvoorraad sou voortvloeи.


aan die werk wat invloede uitgeoefen het op mense se besluite met betrekking tot die bedrag geld wat hulle in verhouding tot die nominale of geldelike bedrae van hul inkomens en bestedings in besit wou hou.

Ingesluit by sodanige kragte was byvoorbeeld 'n verskeidenheid "toevallige" faktore met invloed op die ultra-kort termyn, soos die suwer tydelike en toevallige besit van geldsaldo's wat met nuwe aandele-uitgiftes op die effektebeurs in verband gestaan het; die aangroeiing en wegkwyning van "balansstaatverfriaaiing" ("window dressing") deur private maatskappye oor maandeindes, wat gedeeltelik 'n seisoensverskynsel is; die konjunktuurkragte van stygende en dalende rentekoerse en die vernouing of verruiming van die marges tussen banke se uitleen- en depositokoerse – wat "herintermediasie" of "disintermediasie" uitlok; veranderings in rentekoersverwagtings; onsekerheid oor die rentekoerse as 'n bron van "egte likwiditeitsvoorkleur"; veranderings in die wette, reëls en regulasies met betrekking tot depositonemende instellings, wat 'n invloed het op hierdie instellings se bereidwilligheid en/of vermoë om rente te betaal op deposito's, sekere soorte deposito's of plaasvervangers vir deposito's (soos terugkoopooreenkomste); kredietplafonne en statutêre depositokoersbeheer, weer eens as 'n bron van disintermediasie; die lang uitgerekte invloed van langdurig negatiewe reële opbrengskoerse ná belasting op deposito- of deposito-agtige beleggings; veranderings in die betalings- en kredietfasilitete wat deur die banke aangebied word (soos kredietkaarte), in die betalingsgewoontes van die publiek, en in die mate van monetisering van, of die gebruik van geld in, die ekonomie in die algemeen; en stygings en dalings in die vlak van die reële inkome per persoon as 'n moontlike bron van verskuiwings in die vraag na reële geldsaldo's *per capita*.


Grafiek 7 toon die skommelings in die omlooppnelheid van $M3$ oor die jare sedert 1965. Dit toon ook die ligte opwaartse neiging in $M3$ se omlooppnelheid op lang termyn (wat al dan nie in die tagtigerjare deur 'n meer sywaartse verloop gevolg is). In die derde plek wys dit ook die baie beperkte mate – wat ongeveer 7 persent beloop – waarin die omlooppnelheid van $M3$ per saldo oor 'n tydperk van 25 jaar toegeneem het.

Dit is dus belangrik om daarop te let dat hoe betekenisvol die persentasieveranderings in die omlooppnelheid oor korter en selfs oor heelwat langer periodes ook al mag gewees het, *hierdie veranderings in vergelyking met die baie groot persentasieveranderings wat oor die langer periodes in die geldvoorraad self plaasgevind het, van relatief heel ondergeskikte belangrikheid was*. Dit beteken dat, ofskoon veranderings in sowel M/y as V (volgens die formule wat stel dat $P = \frac{MV}{y}$ of $P = \frac{M}{y} \cdot V$) wel 'n rol gespeel het by die "verklaring" van veranderings in die algemene pryspeil, *veranderings in die pryspeil oor hierdie langer periodes in oorweldigende mate verband gehou het met die sty-*

Grafiek 7: Inkome-omloopsnelheid van M3



Grafiek 8: Die BBP-deflator en die "relatiewe geldvoorraad"




ging in die nominale geldhoeveelheid per eenheid fisiiese produksie (M/P), eerder as met enige (netto) stygging in die omloopsnelheid van die geldvoorraad (V). So het die algemene pryspeil soos dit deur die sogenaamde "deflator" van die bruto binnelandse produk (P in $MV = Py$) gemeet word, byvoorbeeld gedurende die periode vanaf die tweede kwartaal van 1965 (waarvoor 'n konsekwente tydreeks van die M3-geldvoorraad beskikbaar is) byna sestenvoudig, naamlik met 1 465 persent, gestyg. Dit is "verklaar" deur 'n toename van 2 920 persent in M3, deur 'n toename van 1 357 persent in die hoeveelheid M3 per eenheid van die reële bruto binnelandse produk, en deur 'n netto stygging van slegs 7 persent (of 7,4 persent, om presies te wees) in die omloopsnelheid van die M3-geldvoorraad.

Grafiek 8 toon dat die aanhoudende en versnelende stygging in die deflator van die bruto binnelandse produk van 1965 tot en met 1989 taamlik nou gehou het by die stygging in die verhouding van M3 tot die reële bruto binnelandse produk, dit wil sê by die stygging in die "relatiewe geldvoorraad" $M3/P$. Groeiende afwykings tussen die paaie wat hierdie twee groothede geloop het, kon egter in die tweede helfte van 1979 en die begin van 1980 en weer eens gedurende die grootste deel van 1986 en die begin van 1987 opgemerk word, toe die vlakke van die deflator in toenemende mate uitgestyg het bo die peil wat deur die toentertyd bestaande vlakke van die relatiewe geldhoeveelheid in die betrokke kwartale "geimpliseer" (of minstens "gesuggereer") is. 'n Nadere bekouing van Grafiek 7 toon, soos verwag kon word, dat hierdie

twee periodes ook periodes was waarin die omloop-snelheid toegeneem het.

Die verbruikerspryse het oor die afgelope 25 jaar weliswaar nie heeltemal so sterk gestyg as die deflator van die bruto binnelandse produk nie – gedeeltelik omdat die prys van verbruiksartikels nie op 'n regstreekse wyse geraak is deur die stygging in die dollarprys en die randprys van goud nie. Van die tweede kwartaal van 1965 tot die eerste kwartaal van 1990 het die verbruikersprysindeks effens meer as twaalfvoudig, naamlik met 1 104 persent, toegeneem. Grafiek 9 toon egter duidelik dat "selfs" die stygging in die verbruikersprysindeks taamlik nou gehou het by die stygging in die relatiewe geldvoorraad.

Grafiek 9: Die verbruikersprysindeks en die "relatiewe geldvoorraad"



Soos hierbo reeds opgemerk is, kan die feit dat die inflasie nou gekoppel gebly het aan veranderings in die verhouding van M3 tot y, egter nie eenvoudig vertolk word as dat inflasie deur toenames in M relatief tot y veroorsaak word nie (ofskoon dit bepaald wel 'n moontlikheid is en in werklikheid korrek beskryf wat oor die eeue in 'n groot aantal ekonomiese gebeur het). Waarvan egter nie weggekom kan word nie is die feit dat groei in die geldvoorraad ten minste 'n noodsaaklike voorwaarde vir inflasie is. Sover geredelik vasgestel kan word, het omloopsnelheidveranderings op hul eie skynbaar nog nooit 'n inflasie wat tereg as sodanig beskryf kan word, of veroorsaak of selfs maar net *toegelaat* dat dit plaasvind nie. Dit wil derhalwe voorkom asof inflasies nog nooit kon bestaan by afwesigheid van groeikoerse van die geldvoorraad wat die groeikoerse van die reële bruto binnelandse produk (duidelik) oorskry het nie. Omgekeerd het duidelik oormatige groeikoerse van die geldvoorraad ($M > y$) selde indien ooit nagelaat of om deur inflasie gevolg te word of om met inflasie gepaard te gaan.

Solank inflasie nie sal voorkom by afwesigheid van oormatige groeikoerse van die geldhoeveelheid nie, maar *sal* voorkom wanneer die groeikoerse van die geldhoeveelheid oormatig is, volg dit dat die monetêre owerhede nie die oorwinning in hul stryd teen inflasie kan uitroep solank die groeikoers van die geldvoorraad oormatig hoog bly nie – wat die oorspronklike of huideige oorsake van die inflasie ook al mag wees en ongeag watter ander maatreëls ook al deur die owerhede getref mag word om die inflasie onder beheer te kry. Terzelfdertyd bly die waargenome koers van toename in die geldvoorraad (vir sover dit nie deur toenames in die egte likwiditeitsvoorkleur te voorskyn geroep word en met afnames in die omloopsnelheid gepaard gaan nie) ook 'n aanduiding van die inflasionele druk wat nog in die ekonomie aanwesig is.

Wat die oorsake van inflasie betref, het dit afgesaag geword om op te merk dat dit waarskynlik 'n ingewikkelde kwessie is. As inflasie eenmaal aan die gang is, raak die vrees en die hoop, die verwagtings en begeertes van nagenoeg alle besluitnemers in toenemende mate daarby betrokke. Namate die besluitnemers probeer om hulle te beskut teen die welsynsverterende invloed wat die inflasie op hul eie inkome- en vermoeënsposisies uitoefen, word hul verdedigende optrede gewoonlik self weer deel van die inflasieproses. Die resultaat van sodanige optrede is dan dat die inflasiekroef met 'n verdere halwe slag aangedraai word.

Daar is egter tereg daarop gewys dat dit die *besteding* van geld is, nie die geld self nie, wat inflasioneel is. (As nuutgeskepte geld "opgepot" word, sal die uitwerking van die toename in die geldvoorraad M op MV net mooi deur 'n dienooreenkomsstige daling in die omloopsnelheid van die geld geneutraliseer word.) In die reëel is dit bowendien ook toenames in die *besteding* van geld wat die georganiseerde arbeid in staat stel om met welslae verhogings van die geldelike vergoeding

vir arbeidsdienste te eis wat verbeterings in die fisiese *produktiwiteit* van arbeid duidelik te bowe gaan – en om dit *ongestraf* te doen, dit wil sê sonder dat werkgeleenthede in die proses vernietig word.

Die grondoorsake van elke inflasie (voordat *inflasieverwagtings* oorneem as 'n aandrywer van inflasie in hul eie reg) moet derhalwe gesoek word in faktore – soos 'n outonome toename in die owerheidsbesteding wat met skuld gefinansier word, 'n te lae peil van die amptelik bepaalde nominale en reële rentekoerse, of verskillende soorte skokke wat in die buitelandse sektor of in die goedere- of faktormarkte hul ontstaan het – wat meegebring het dat die nominale monetêre vraag na goedere en dienste teen die heersende pryse daarvan in enige besondere periode groter is as die aanbod van die betrokke goedere en dienste wat teen daardie pryse op die markte verskyn.

Gelukkig is dit egter so dat maatreëls wat daarop gemik is om die *besteding* van geld op lopende produksie aan bande te lê, normaalweg ook die *leen* van geld sal ontmoedig, asook die *skep* van nuwe geld deur banke wat die maak van lenings vir bestedings as bedryf uitoefen. Omgekeerd sal maatreëls wat bedoel is om die skep van nuwe geld te beperk, gewoonlik ook die leen en die besteding van geld ontmoedig.

Die slechte nuus is dan egter dat geld gewoonlik nie skaarser gemaak kan word sonder om dit altans 'n ruklank ook duurder te maak nie. As die monetêre owerhede maatreëls tref om die geldvoorraad te verminder (of om die *werklike* koers van toename in die geldvoorraad tot onder die *verwagte* koers van toename in die geldvoorraad te verlaag), sal die rentekoerse styg. Indien die owerhede se beleidshandelinge nie tot hoër rentekoerse lei nie, kon geld en krediet nie *effektief* skaarser geword het nie – wat beteken dat daar geen goeie gronde kan bestaan waarom die inflasie nie maar baie soos voorheen sal voortgaan nie. As die owerhede, in die omgekeerde geval, die rentekoerse verhoog, sal hierdie hoër rentekoerse nie kan standhou nie tensy die geldvoorraad en die beskikbaarheid van krediet ook *effektief* verminder is. Indien geld en krediet nie effektief moeiliker bekombaar gemaak is nie, sal hulle effektief nie baie lank duurder kan bly as wat hulle was nie.

As die voorgaande paragrafe in samehang met mekaar gelees word, volg dit dat dit *tegnies* gesproke nie moeiliker is om 'n inflasie tot stilstand te bring as wat dit is om die groeikoers van die geldvoorraad in toereikende mate te beteuel nie. Dit ly geen twyfel dat sentrale banke tegnies wel in staat is om dit te doen nie. As 'n *praktiese* aangeleentheid is die beëindiging van 'n inflasie egter so moeilik as wat al die ekonomiese, maatskaplike en politieke argumente en die liefdadigheids-, menslikheids- en soms strategiese oorwegings teen tydelik hoë rentekoerse en daarmee gepaardgaande tydelike inboetings van produksie en verlies van werkgeleenthede dit kan maak. Ingewikkelde stelle ekonomiese, maatskaplike en politieke omstandighede, reëlings en oorwegings kan meebring

dat die koers van monetêre uitbreiding aanvanklik in verskillende lande te hoog word; soortgelyke omstandighede en oorwegings kan die regerings in die betrokke lande dan daartoe lei om maar te berus in die feit dat dit te hoog is. Gevolglik moet daar sorgvuldig besin word oor die reperkussies van 'n beteueling van die monetêre groeikoers, oor wie die potensiële slagoffers van en voordeeltrekkers uit sodanige optrede gaan wees, en oor wat die vooruitsigte is om te verhoed dat die inflasie in 'n latere stadium maar net weer terugkom.

Lande wat in die jare tagtig in opmerklike mate daar-in geslaag het om hul inflasies in bedwang te kry, het tot dusver selde daarin geslaag om dit geheel en al uit te skakel. Hulle het ook ontdek dat deurlopende waaksamheid nodig is om te voorkom dat die inflasie weer opylam. Die huidige "hoe" rentekoerse en verwante beleidsmaatreëls van die Suid-Afrikaanse monetêre owerhede, en die owerhede se pogings om voortaan te alle tye gepaste positiewe reële rentekoerse te verseker, is – binne die raamwerk van 'n meer omvattende anti-inflasiestrategie – 'n deel van die owerhede se beste pogings om inflasie en die pynlike gevolge daarvan te neutraliseer maar om terselfdertyd ook die pyn wat aan die inflasiekamping verbonden is, tot die minimum te beperk.

'n Slotaantekening oor monetêre-mikpuntstelling

Die voorgaande opmerkings het probeer om sekere aspekte van inflasie en van die rol van geld in inflasie te behandel, eerder as om in te gaan op monetêre-mikpuntstelling as 'n stuk gereedskap in die monetêre-beleidsvoering. Monetêre-mikpuntstelling is 'n onderwerp wat in sy eie reg verdien om in besonderhede bespreek te word. In die lig van die nadruk wat hierbo geplaas is op monetêre uitbreiding as 'n noodsaaklike voorwaarde vir inflasie, kan 'n paar opmerkings oor monetêre-mikpuntstelling met die doel om monetêre uitbreiding aan bande te lê, egter in die huidige verband van pas wees.

'n Mikpunt met betrekking tot die groei in M3 is in Suid-Afrika vir die eerste maal ten opsigte van die kalenderjaar 1986 vasgestel. Monetêre-mikpuntstelling het Suid-Afrika dus eers betreklik laat bereik: teen 1986 het 'n mate van ontnugtering (of "realistiese skeptisisme") ten aansien van mikpuntstellingsprogramme reeds ingetree in verskeie van die wêreld se vooraanstaande volkshuishoudings (waarvan die meerderheid egter reeds onmiskenbare sukses behaal het met die verlaging van die inflasiekoerse vanaf die hoogtepunte wat dit in die vroeë jare tagtig bereik het). Elders in die wêreld was die monetêre mikpunte dus reeds besig om 'n statusverlaging te ondergaan of om meer op die agtergrond geskuif te word (indien dit nie geheel en al gestaak is nie) teen die tyd toe dit in Suid-Afrika ingestel is.

Die laat instelling van formele mikpuntstelling in Suid-Afrika kon gedeeltelik toegeskryf word aan die

feit dat die monetêre owerhede die publikasie afgewag het van die *Finale Verslag* van die Kommissie van Ondersoek na die Monetêre Stelsel en Monetêre Beleid in Suid-Afrika (die De Kock-Kommissie). Volgens die Kommissie se beskouingswyse moes die behaling van mikpunte (wat van 'n "lae profiel" en "buigsaam" sou wees) vir die koers van toename in M3 (of 'n ander monetêre totaal) gesien word as 'n "intermediêre doelstelling" van die sterk markgerigte monetêre-beleidsvoering waarvan die Kommissie 'n voorstander was. In sy *Verslag* het die Kommissie nie veel tyd daaraan afgestaan om die gronde vir of verdienstelikhede van die aanvaarding van mikpunte te bespreek nie. In latere toelichtings het die Reserwebank egter gewoonlik gebruik gemaak van argumente soos die volgende:

- Perke aan die groei van die geldvoorraad beteken *de facto* perke aan die inflasiekoers, altans oor iet-wat langer periodes. Die inflasiekoerse sal verlaag word deur die verwesenlike koerse van toename in die geldvoorraad te verminder (of, meer korrek, deur die soort optrede wat nodig is om die koers van toename in die geldvoorraad te verminder). Wat die oorsake van inflasie ook al mag wees, en hoe ingewikkeld die inflasie self ook al mag wees as 'n maatskaplike-polities-ekonomiese verskynsel, kan die inflasie nie voortbestaan nie tensy die geldhoeveelheid toegelaat word om aan te hou om teen oormatig hoe koerse te styg.
- Die bestaan van mikpunte kan help om te verduidelik waarom soms ongewilde maatreëls van 'n beperkende monetêre beleid noodsaaklik is. Mikpunte kan dus dien om sodanige maatreëls meer algemeen aanvaarbaar te maak.
- Die groeikoers van die geldhoeveelheid waarna gemik word of wat as wenslik beskou word, kan – in vergelyking met die koerse van monetêre uitbreiding wat onlangs werklik aangeteken is, of wat verwag word – 'n aanduiding gee van hoe verruimend of beperkend die owerhede se toekomstige monetêre-beleidsingesteldheid sal wees. As sodanig kan dit leidrade aan sakeondernemings verskaf by die beplanning van hul prysvasstellingsbeleid en ander aspekte van hul bedryfspotpoliek. Dit kan ook dien as 'n nuttige inset by die formulering van looneise en verwante bedingingsake, en om in loononderhandelings ooreenkoms te bereik. Meer in die algemeen kan die mikpunte, indien dit hoegenaamd enige geloofwaardigheid het, 'n heilsame invloed op die inflasieverwagtings uitoefen.
- Die monetêre mikpunte voorsien 'n maatstaf waar-aan die doeltreffendheid en toereikendheid van die owerhede se huidige beleidsoptrede getoets kan word. Hulle dwing die owerhede ook om die gepastheid van hierdie optrede op 'n deurlopende basis onder oë te hou, te weeg en moontlik in heroorweging te neem, en om hul beleidsingesteldheid te regverdig.

Wat die jaar 1990 betref, is die perke aan die groei in M3 wat deur die Reserwebank voorgedra is, as "riglyne" eerder dan as "mikpunte" beskryf, om daarmee kenbaar te maak dat hulle bedoel is as 'n aanduiding van wat onder die heersende omstandighede met die groei in die geldhoeveelheid behoort te gebeur, eerder dan as 'n gesaghebbende vooruitskatting van, of as 'n bindende verpligting tot die bewerkstelliging van, 'n sekere monetêre groeikoers wat tot elke prys deur die Bank se beïnvloeding van die monetêre toestand behaal moet word. In die voorafgaande jare van 1986 tot 1989 het die Bank by die nastrewing van sy mikpunte slegs matige welslæe behaal: ofskoon die mikpunt vir 1987 reg in die kol getref is, is daar in 1986 'n onderbereiking aangeteken; in 1988 sowel as 1989 het daar vervolgens aanmerklike oorskrydings voorgekom.

Heelwat meer sukses is in elk van hierdie jare met die bereiking van die mikpunte behaal indien veranderings in die omloopsnelheid van M3 ook in ag geneem word, dit wil sê indien die mikpunte geag word om betrekking te hê op die "effektiewe" of "omloopsnelheid-aangesuiwerde" geldvoorraad (MV eerder as M "sonder meer"). Sodanige aansuiwerings vir omloopsnelheidveranderings het egter nie daarin geslaag om 'n aantal kommentators gunstig te beïndruk nie. Dit het ook aanleiding gegee tot die *misverstand* dat die Bank in werklikheid 'n mikpunt vir MV nastreef eerder as 'n mikpunt vir M3; aangesien MV gelyk is aan Py (soos voorheen reeds opgemerk is), sou dit daarop neerkom dat 'n mikpunt nagestreef word vir die bruto binnelandse produk teen heersende prysse.

Sekere argumente kan egter aangevoer word waarom omloopsnelheidveranderings in ag geneem behoort te word by die beoordeling van die welslæe of mislukking van 'n mikpuntstellingsprogram enanneer besluit word in watter mate die gemete groeikoerse van die geldvoorraad toegelaat behoort te word om terugkoppelingsinvloede op die owerhede se beleidsoprede uit te oefen:

- Veranderings in die omloopsnelheid van M3 was in die Suid-Afrikaanse ekonomie in die eerste plek aanduidings van belangrike verskuiwings in die "disintermediëring" of "herintermediëring" van bankkrediet (dit wil sê in die *substitusie* van *regstreekse kredietvoorsiening* tussen nie-bank-partye vir krediet wat voorheen deur banke verleen is of normaalweg deur banke verleen word, en andersom), en van afnames of toenames in die depositobesit van partye in die private sektor op grond van veranderings in hul "egte likwiditeitsvoordeur". Disintermediërings- en herintermediëringverskynsels bring op hul eie geen afname of toename mee in die *totale* hoeveelheid krediet wat deur die banke en deur uitlenende partye buite die bankstelsel *gesamentlik* verleen word nie.⁷ Terselfdertyd word deposito's wat in besit gehou word om 'n "egte likwiditeitsvoordeur" te bevredig, uit die aard van die saak nie aangehou met die oog op besteding nie. So-

danige deposito's is dus per se nie inflasioneer nie, is geen voorteken van en gaan ook nie gepaard met 'n toename in die besteding nie, en is geen aanduiding of weerspieëeling van inflasioneire ontwikkelings in die ekonomie nie.⁸

- Indien naglaat word om die ""egte likwiditeitsvoordeur" te bevredig, of indien maatreëls toegepas word om die invloed van verhoogde likwiditeitsvoordeur op die gemete geldvoorraad teen te werk, sou dit derhalwe daarop neerkom dat die ekonomie aan 'n oormatig en onnodig beperkende beleid onderwerp word. 'n Sodanige beleid sou dan in die heersende omstandighede onnodig knellend of oormatig neerdrukkend op die ekonomie inwerk.

Veranderings in die omloopsnelheid vestig egter die aandag op een van minstens twee strukturele eienkappe wat die taak van suksesvolle mikpuntstelling in die Suid-Afrikaanse ekonomie binne 'n mikpuntperiode van een jaar aansienlik bemoeilik. In die eerste plek neig herintermediëringverskynsels – wat die groei in die gemete geldhoeveelheid versnel en die omloopsnelheid van die geld dienooreenkomsdig verlaag – om voor te kom gedurende periodes van hoë kredietvraag en stygende rentekoerse; dit is ook die periodes wat gewoonlik 'n vernouing van die verskille tussen die banke se gemiddelde uitleen- en depositokoerse toon. "Perverse" *versnellings* van die geldgroeikoerse in periodes van hoë of stygende rentekoerse is, veral wat die groeikoerse van die meer omvattende monetêre totale betref, nie onbekend in ander Westerse ekonomiese nie. Dit wil egter wel voorkom asof die algemene samestelling, die verdeling tussen huishoudings en maatskappye, en die hoë mate van konsentrasie van die besit van deposito's, die Suid-Afrikaanse monetêre stelsel 'n groter vatbaarheid vir hierdie soort "perversie" gee as wat in die monetêre stelsels van hierdie oorsese ekonomiese die geval is.

⁷ Let op dat herintermediëring en disintermediëring *substitusiever*-skynsels is: "primêre uitleners" A, wat besluit om te herintermediëer, oefen in werklikheid 'n keuse uit om krediet aan "uiteindelike lener" B te voorsien via 'n bankinstelling eerder as om dit regstreeks te doen. Die bank se kredietverlening aan B *neem dan die plek in* van A se kredietverlening aan uiteindelike leners in die ekonomie nie. Let ook op dat die herintermediëringproses, ofskoon dit tot 'n toename in die totale gemete geldvoorraad en in die totale bankkrediet lei, *per se* in werklikheid beperkend is: dit is beperkend omdat die banke, wat nou 'n toename in hul totale bates en in hul verpligtings teenoor die publiek ondervind, ook 'n tekort salervaar in hul statutêr vereiste minimum besit aan kontantreserves, en ook kan ondervind dat daar nou 'n knapheid in hul likwiede-batebesit bestaan wat voorheen nie daar was nie.

⁸ In 'n meer gedetailleerde bespreking van hierdie sake sou daar op gewys moes word dat, in stelsels waarin die geldvoorraad in wese van 'n *vraagbepaalde* aard is, 'n sodanige depositobesit ook nie noodwendig as van 'n *potensieel* inflasioneire aard beskou kan word nie. ('n Latere afname in die vraag na sodanige deposito's, uit hoofde van 'n wegkywing van "egte likwiditeitsvoordeur", sal meebring dat sulke deposito's *vernietig* word eerder as om *bestee* te word – tensy daar terselfdertyd *ander* faktore aan die werk is wat van 'n bestedingsaanmoedigende aard is.)

In die tweede plek bestaan daar, in Suid-Afrika soos elders in die wêreld, normaalweg aansienlike sloerings in die sigbare uitwerking van monetêre beleidsmaat-reëls op die reële ekonomiese bedrywigheid. Die "reële" ekonomie hoef vir ongeveer drie tot vyf kwartale ná die instelling van 'n beleidsverandering geen sigbare reaksie daarop te toon nie; die inflasiekoerse reageer gewoonlik selfs nog stadiger. Hierdie sloerings is lank in vergelyking met die mikpuntperiode van een kalenderjaar. Hierbenewens kan verhogings van die rentekoerse as deel van 'n verskerpte monetêre-beleidsvoering gedurende die sloerings in hul "reële" uitwerking, via verskillende kanale soos kredietopname-uit-nooddruf en die debitering van rente, in werklikheid meebring dat bankkrediet en die geldvoorraad *vinniger* uitbrei as wat voorheen die geval was. Gebeure van hierdie aard kan maak dat die optrede van die owerhede – selfs as dit volkome van pas is en uiteindelik in sy doel sal slaag – altans 'n ruk lank swakker vertoon as maar net oneffektief en die geloofwaardigheid van die owerhede in 'n ongunstige lig stel. Dit hou ook 'n risiko in dat die owerhede uiteindelik sal oorreageer ("overkill", "te min op tyd gedoen, en te veel te laat") wat betref die wyse waarop die monetêre beleid deur hulle uitgevoer word.